


Hoofstuk 1.5

VESTIGING TE POTCHEFSTROOM (1905-1910)



"Lange, flink-breede, goed onderhouden straten; lange, grasbegroeide, met sluizen afgezette voren, waarin zacht vliet op vlak terrein of murmelt langs glooienden grond het cristal-klare water van de mooi; droeve wilgen, slanke cypressen, trotsche eiken, altijd-groene macrocarpa's; en onder dit looverdak huizen oud en nieuw, mooi en leelijk, nieuwewetsch en ouderwetsch, gebouwd voor mensen met en zonder smaak; en daarachter de ziel van Potchefstroom: vruchtboomen, groentetuinen en landerijen. Want niet uit speculatiedrang of handelsmanie, maar uit landbouwmotiewen is Potchefstroom mooi en groot en aantrekkelijk geworden. De landbouw – naar het klassieke woord de uitvinding der goden en de taak der helden – bloeit hier en in den omtrek gelijk misschien nergens in het Onderveld. Potchefstroom draagt aloude en eerwaardige traditiën ... De bevolking is ook nu nog overwegend Afrikaansch ...

"Hier is onze School neergestreken ... Temidden van zooveel natuurschoon, vormenweelde en kleurenpracht kan niet slechts bloeien de harmonische dichterziel, maar ook de fijne denkerskop."

"Totius", in *Fac et Spera*, V(1), 1 April 1905



1.5.1 Idilliese en historiese Potchefstroom


Teenoor die hierbo aangehaalde idilliese getuigskrif vir Potchefstroom as universiteitsetel, staan daar die uitspraak van die Middelburgers van Transvaal, so ver terug as 1889 al: hulle "eenvoudige plaas" sou dan kwansuis meer geskik wees vir die vestiging van 'n universiteit as "groot stede" soos Pretoria, Johannesburg, Heidelberg en Potchefstroom. Daar, in die stede, sou dan te veel geleenthede wees vir jong mense "om van het pad der deugd weg te dwalen".¹ Die Middelburgse aanspraak het egter niets te make gehad met die Teologiese Skool se moontlike verplasing nie, maar was gemik op pogings van o.a. regeringskant om 'n universiteit vir die Zuid-Afrikaanse Republiek (ZAR) op te rig.²

JD du Toit, die jong, pas bevestigde doktortjie-predikant van die Gereformeerde Kerk te Potchefstroom en sterke voorstander van die vestiging van die Teologiese Skool aldaar, het vroeër die bodveldtog van die rustige dorp aan die oewers van die Mooirivier so ingelui: "Inderdaad een stad van de toekomst, die haar ontstaan niet dankt aan speculatie met goud-aandeelen, maar aan een vruchtbaren bodem en een mooie rivier; die weldra een centrum van verkeer wordt wanneer die spoorlijnen naar Kroonstad en Veertien-Stroomen verlengd zijn; die reeds gronden heeft afgestaan en £8000 getekend voor een Hoogeschool!"

Du Toit - oftewel Totius, die ontlukkende digter - besing die lof van Potchefstroom verder in prosaiese taal: "Er is o zooveel dat het leven in deze stad veraangenaamt: het zachte klimaat; het kristal-heldere water van Mooirivier, dat langs breede straten stroomend, de vrucht bare teelaarde der ruim uitgemeten erven besproeit; de schoone villa's; de prachtige bloem- en groentetuinen; het park met zijn kwekerijen, zijn arena, bicycle-tract en paviljoen; de uitgestrekte gronden van het Landbouw Genootschap, doorkruist met dennen en andere lanen; in de hoofstraat winkel aan winkel, op den nieuwsten stijl ingericht, enz."³

In die geschiedenis van Afrikanernasionalisme was Potchefstroom 'n pioniersdorp. Verset teen die Britse bewind aan die Kaap, wat Afrikaner grensboere se veiligheid en voortbestaan in die gedrang gebring het, het aanleiding gegee tot die Groot Trek en totstandkoming van die onafhanklike Boererepublieke wat as gevolg daarvan in die binneland van Suid-Afrika.

Voortrekkerleier Andries Hendrik Potgieter het geen erg gehad aan die Britse bestuur in die Kaap nie en het hom en sy volgelinge gevoleklik so ver weg as moontlik van die immer kruipende Britse invloedsfeer gedistansieer. Vroeg in 1839 lê hy die dorp Potchefstroom aan die soom van Mooirivier aan⁴ en dien die oudste Voortrekkerdorp vir 'n tyd lank as



1.5.1

Idilliese Potchefstroom



hoofsetel van die nuwe staat in wording. Die grondwet van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) kry hier sy beslag; so ook die Vierkleur as banier van vryheid en onafhanklikheid.

Nadat Potchefstroom teen 1858 sy “hoofstad”- status ten koste van Pretoria prysgegee het, verdwyn die dorp ietwat van die staatkundige toneel, net om teen 1880, met die versetbeweging teen Britse oorheersing, weer sterk in die kollig te figureer. Die Bezuidenhout wa-episode, waartydens die balju te Potchefstroom hardhandig afgegooi is van die wa wat op las van die regering ter vereffening van agterstallige belastings verkoop moes word, was die vonk wat die lont aangesteek het om die Eerste Vryheidsoorlog in 1881 te laat ontbrand. Die proklamasie waarvolgens die gesag van die ou ZAR herstel is, is ook by ‘n plaaslike firma laat druk.

Potchefstroom het in die tweede helfte van die 19de eeu as ‘n stewige handelsgemeenskap gevëstig, met ‘n redelik kosmopolitiese bevolking: Hollands- en Engelssprekendes, Portugese, Jode, Skandinawiërs, Indiërs, Swartes. Die Engelse element speel veral ‘n groot rol in die handel en ekonomie van die dorp terwyl die strategiese ligging daarvan op die pos- en handelsroete tussen Kaapstad en Kimberley en die Witwatersrand verder tot bloei en ontwikkeling bydra.

Gebeure soos die runderpes van 1897, met sy vernietigende effek op die landbou, politieke woelinge en onsekerheid en uiteindelik die uitgerekte, uitmergelende oorlog tussen Boer en Brit (1899-1902) het ‘n negatiewe impak op Potchefstroom gehad. Die aanwesigheid van etlike duisende Britse troepe en die vestiging van ‘n militêre basis op die dorp het egter meegehelp dat die ekonomie van die dorp gou weer herstel het.⁵ Die rooskleurige prentjie wat deur dr Du Toit geskep is, word tot ‘n mate ondersteun deur die volgende bevinding: “In 1906 lyk die beeld (van die dorp) heelwat rooskleuriger ... Sewentig nuwe huise word voltooi. Daar is tien kerke, ses skole, ‘n klub, vyf hotelle, drie banke, ‘n park, ‘n gholfbaan, kwekerye – en twee begraafplase. ‘n Stadsaal word beplan en ‘n nywerheidskool is in aanbou. Drie koerante verskyn halfweekliks. Daar is ‘n nuwe brouery, ... ‘n stoomwassery, ‘n steenmakery en meer as een koetsbouer ...”⁶

Dit is dan die dorp waarheen die Teologiese Skool teen die einde van 1904 en die begin van 1905 man en muis, meubels en boekery inkluis, verhuis het. Die pastorie In Burgersdorp is in die mark gesit en reiskoste van dosente en studente was vir die rekening van die kuratore.⁷

1.5.2 Hoër onderwys in Transvaal

Die oorplasing van die Teologiese Skool met sy Literariese Departement vanaf Burgersdorp in die Kaapkolonie na Potchefstroom het nie huis rimpelings op die gebied van hoër onderwys in Transvaal veroorsaak nie. Hoewel daar huis op hierdie stadium woelinge van staatsweë was rondom die daarstelling, van inrigtings vir hoër onderwys, het die Teologiese Skool as kerklike inrigting vooras nog onbelemmerd ‘n eie koers en rigting ingeslaan.

Die eerste roeringe ten opsigte van hoër onderwys noord van die Vaalrivier dateer uit die tyd van president TF Burgers, teen die middel sewentigerjare van die 19de eeu. In sy Onderwyswet van 1874, Wet no 4, is onder meer bepaal “dat vooreerst een Gymnasium wordt opgericht te Pretoria, en dan, zodra zulks mogelijk is, te Potchefstroom, en indien doenlyk, in andere steden.”⁸ Van hierdie ideaal vir die vestiging van ‘n gymnasium of “hoogere school” het nie veel gekom nie. As superintendent van Onderwys het ds SJ du Toit in die vroeë tagtigerjare die inisiatiewe voortgesit, met oogmerk “eene inrichting van Hooger Onderwijs of Normaalschool”, veral met die oog op die opleiding van onderwysers en amptenare en om behoorlike wetenskaplike opleiding binne die bereik van die blanke bevolking van die ZAR te bring.⁹

Ook van hierdie goeie voornemens het maar min teruggekom en gevorderde opleiding het hoofsaaklik steeds in Holland geskied, met beurse van die Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Vereeniging (NZAV). Die Vrije Universiteit in Amsterdam is ook as lonkende ideaal vir Pretoria en die ZAR voorgehou. Soos dr EJP Jorissen dit per brief aan dr A Kuyper gestel het: “Uw Vrije Universiteit kan de kweekskool worden van Afrikaansche theologen en juristen”.¹⁰ Ook ds SJ du Toit het, pas na die stigting van die VU, hierdie inrigting as heimat vir die opleiding van jongelinge uit Suid-Afrika gesien.¹¹

Teen 1889 het die ywer vir ‘n eie universiteit hoog geloop en is sterk gevoel dat eie landsburgers, en nie Kolonialers of Hollandse immigrante nie, opgelei moes word om betrekings in die openbare sektor te vul. Boonop is gevoel dat buitelandse studie bederwend op studente se sedes inwerk. President Paul Kruger wou ook baie graag ‘n universiteit te Pretoria vestig en het £1 000 hiervoor aangebied, terwyl die Uitvoerende Raad van die ZAR selfs £20 000 hiervoor op die begroting geplaas het.¹² Hy het ook die bekende teoloog-staatsman dr Abraham Kuyper versoek om ‘n professor in die regte te werf “zoo hoog in geleerdheid als de beste Professor in Holland en toch een kind van God”. Kuyper, wat veel eerder die Transvaliese studente aan sy eie universiteit wou oplei, het Kruger egter die koue skouer gegee.



1.5 Vestiging te Potchefstroom (1905-1910)


Maar steeds kom die saak nie van die grond af nie. Du Toit se opvolger, dr N Mansveld, slaag wel daarin om in Augustus 1893 die Staatsgimnasium op die been te kry, wat onder meer as taak gehad het om jong mense vir universiteitsopleiding voor te berei, maar hy skram weg van 'n universiteit, wil steeds die opleiding in Holland laat geskied. Die ZAR-Volksraad dring egter steeds aan op 'n eie universiteit omdat sowel Hollanders as Kolonialers na hulle mening die suiwer Afrikaanse gees van die republiek sou skaad. Hoewel hy as eertydse professor aan die Stellenbosch Gymnasium self vir 'n tyd lank deel was van die Kaapse stelsel, opponeer Mansveld deelname aan die eksamens van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop in 1896.¹³

Die rektor van die Staatsgimnasium, dr H Reinink, het later getuig dat, indien sy instelling destyds volle universiteitstatus toegeken was, "deze inrichting een algehele omkeer in de destydse gangbare meningen omtrent universitair onderwijs zou hebben te weeg gebracht".¹⁴ Dit is dalk nie te vergesog nie om te aanvaar dat in so 'n geval die Teologiese Skool dalk glad nie na Potchefstroom sou verskuif het nie, omdat daarmee grootliks in die behoefte voorsien sou gewees het. Wat meer is: Reinink was van huis uit Gereformeer en daar sal onthou word dat daar reeds in 1893, in 'n pleidooi om die Teologiese Skool na die ZAR te verplaas, in heel gunstige lig na hom verwys is.

In Maart 1899 besluit die ZAR Volksraad dat tot aksie oorgegaan en die lankbeplande universiteit verwerklik moes word. Vanuit die Vrystaat word die staatkundige solidariteit deurgetrek na die onderwys, en word 'n gemeenskaplike universiteit as teenvoeter teen die Britse invloede bepleit. Die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog kort hierna het die ambisieuse planne vir wat opsigtelik 'n universiteit met 'n Hollands-Afrikaanse karakter sou wees, tydelik op die lange baan geskuif.¹⁵

Na die oorlog is dit die veroweraars wat die voortou neem vir die daarstelling van 'n universitaire inrigting. Beide Britse argitekte van die gewapende stryd en die na-oorlogse rekonstruksie, Alfred Milner en Neville Chamberlain, het hulle sterk beywer vir 'n doserende universiteit in Johannesburg, as middel om die Britse bevolking te stabiliseer en die assimilasie van die Afrikaners te versnel. As eerste stap in dié rigting is daar teen die einde 1903/begin 1904 oorgegaan tot die stigting van die Transvaal Technical Institute (TTI).¹⁶

Die behoefte aan breër opleiding as bloot net tegniese vaardighede lei daartoe dat departemente vir Lettere, Landbou en Regte in die loop van 1905 beslag kry, en in 1906 word die TTI omskep in die Transvaal University College (TUC), met twee vertakkinge: een met 'n universitaire karakter en die ander toegespits op tegniese opleiding. In dieselfde jaar skakel Transvaal ook formeel in by die eksaminerende UCGH en verkry



1.5.2

Gen JC Smuts – Dryfkrag agter vestiging van TUK in Pretoria.

die TUK sitting in die raad van hierdie instelling, in die persoon van JC Smuts.¹⁷

Lord Selborne, wat Milner as Hoë Kommissaris vir Transvaal opgevolg het, het nie sy voorganger se ambisieuse planne vir 'n universiteit vir Transvaal gedeel nie. Die toekenning van selfbestuur en die bewindsaanvaarding van die Afrikanergeoriënteerde Het Volk Party van genls. Louis Botha en JC Smuts in Transvaal in 1907, het Johannesburg se kanse om 'n universiteit te kry tydelik in die sand laat loop.¹⁸

As Koloniale Sekretaris van die nuwe regering en verantwoordelik vir onderwys het Smuts sy dinamiese maar terselfdertyd outokratiese stempel op die ontwikkeling van hoër onderwys afgedruk deur die verskillende komponente van die TUC te skei, die Lettere- en Wetenskapkursusse aan Pretoria toe te ken en vanaf die begin van 1908 'n TUC-tak of -kampus daar te vestig. Hierdie dubbeldoor universiteitskollege het tot in 1910 gefunksioneer, toe Pretoria 'n selfstandige universiteitskollege geword het, met die naam Transvaal Universiteitskollege (TUK), terwyl die Johannesburgtak van die ou TUC nou die South African School of Mines and Technology geword het.¹⁹

Binne breë onderwyskringe is feitlik nie eens kennis geneem van die koms en die aanwesigheid van die nuwe opvoedkundige inrigting op Potchefstroom nie. Dit was bloot maar net 'n opleidingskool vir predikante van die relatief klein Gereformeerde Kerkgenootskap.



1.5.3 Vestiging en nuwe omgewing

Ter voorbereiding van die verplasing van die Teologiese Skool het die kuratore reeds in Junie 1905 te Potchefstroom vergader en dadelik aandag gegee aan die dringende behoefte van 'n terrein en geboue. Vier morge grond is van die Stadsraad aangekoop en bouwerk aan 'n skoolgebou en 'n woning vir die rektor, uitgevoer deur boumeester Meischke van Johannesburg, het onmiddellik 'n aanvang geneem. Planne vir 'n losieshuis vir studente was ook op die tafel maar die nodige fondse was nie beskikbaar nie. Aanvanklik is beplan dat sowel die skool as die losieshuis dubbelverdiepinggebou moes wees, terwyl ook 'n aula vir 150 persone op die grondvlak van die losieshuis ingerig sou word.²⁰ Die verdiepingbeplanning het egter om een of ander rede, waarskynlik geldelik van aard, in die slag geby.

Inmiddels is die groot trek vanaf Burgersdorp afgehandel en het studente en dosente 'n nuwe attraksie op die dorp geword, veral in die gedeelte wat destyds vry algemeen bekend gestaan het as Groenpunt. Die kerkmondstuk rapporteer só daaroor: "Eerst arriveerde Prof. F. Postma; daarna de studenten – de een na den ander. Aan de roode baatjes en mutsen der studenten merkte het publiek van Potchefstroom alras dat een vreemde soort menschen hun plaats onder ons hadden ingenomen. Eindelijk kwam ook de grijze rector, Prof. Jan Lion Cachet, na een buitengewoon voorspoedig reis aan."²¹

Die skoolgebou en rektorswoning is volgens skedule afgelewer en kon gevoleklik by die opening van die akademiese jaar, wat vir Maandag 13 Februarie 1905 geskedeuleer is, amptelik in ontvangs en in gebruik geneem word. Dit was tegelykertyd ook die opening van die Teologiese Skool in sy nuwe omgewing.

Dit was 'n heuglike geleentheid. Almal is eers kerk toe, die Sondag voor die opening. Prof Cachet lei die oggenddiens "in een eivolle kerk" en die aand is dit pastor loci, ds JD du Toit se beurt. Hy hoop tog nie dat Transvaal "deze rijken zegen" onwaardig sal word nie, sê die man wat beskou kan word as die siel agter die beweging om die Teologiese Skool in Potchefstroom te setel, en "beval daarop de School Gode en Zijne genade aan".²²

Maandagoggend 13 Februarie "stroomde het naar de Schoolgronden. Voor het Schoolgebouw stond een zwarte drom van menschen, waaronder vele belangstellenden van ander kerk genootschappen". Daar word gesing, gebede gedoen. Staande tussen die pilare van die nuwe gebou, neem kuratore-voorsitter ds Petrus Postma hierna die woord. Verwysende na die eie gebou wat betrek kon word, beklemtoon hy dat die inwendige groei ook met die uitwendige groei



1.5.3

Opening Teologiese Skool, 13 Februarie 1905.

moes tred hou, dat nie net die Teologie nie, maar ook die Lettere en Matesis moet gedy. En hy roep in herinnering dat die stigter van die kerk (sy vader, ds Dirk Postma snr.), destyds al die behoeftie aan 'n literariese departement naas die teologiese aangevoel het. "Het gereformeerd beginsel moet heel de wetenschap beheerschen en bevruchten", spel hy die grondslag uit van die inrigting waaraan hy en sy familie so nou verbonde was en steeds is.²³



1.5 Vestiging te Potchefstroom (1905-1910)

In die kort redevoering van rektor Cachet hierna skemer tog iets van hartseer en verwyt deur: "Een schoolgebouw hadden wij nooit. Dit is het eerst. Het waren meestal achterkamertjes en private huizen die voor dit doel dienden." Met verwysing na dit wat hy persoonlik sowel as die studente te Burgersdorp ervaar het, vra hy die gemeente se voorbidding en liefde.²⁴

Die formele opening van die akademiese jaar het op dieselfde dag in die nuwe gebou plaasgevind.

Hoe het die studente die nuwe omgewing ervaar?

Veral vir die Kapenaars, wat by die opening van die Teologiese Skool in 1905 die kern gevorm het van die piepklein studentekorps (18 in totaal), was die teenstelling tussen "die Karoo-dorp en die Mooirivierdorp" baie ingrypend, byna traumatis.

Die een, die oue, lê weggesteek aan die voet van 'n bergreeks, in 'n droë streek, met digbehoude huise en stowwerige strate. Die ander, die nuwe, lê oop en bloot, langs die some van 'n vrugbare rivier met rye en rye treurwilgers, met groot erwe, dun uitgerek al langs die Mooirivier af, en grasomsoomde strate. "Maar", herinner ID Krüger, een van hierdie oud-Burgersdorpers hom veertig jaar later, "hoe groot die teenstelling in die guns van laasgenoemde ook al was, tog was daar heimwee na die ou tuiste in die hart, en het meer as een student destyds gesug: Oos,Wes,Tuis Bes!"²⁵

Miskien het die heimwee na die Karoo en na Burgersdorp iets te doen gehad met die eerste indrukke vir sover dit die losiessituasie aangaan. Een van die groot besware téén Burgersdorp was juis die swak verblyfgeriewe, en die spreekwoordelike Kanaän is vir hulle in die vooruitsig gestel, dáár aan die soom van Mooirivier. En wat kry hulle by hulle aankoms?

In sy herinneringe bring oudstudent Kruger nie net die emosies en gewaarwordinge van hom en sy mede-Burgersdorpers onder woord nie, maar skets hy ook in beeldende taal die fisiese voorkoms van die terrein en omgewing waarin die Teologiese Skool tereg gekom het.

Hy vertel verder: "Toe ons studentekwartiere aangewys is, vlak aan die kant van 'n moeras, daar half buitekant die dorp, êrens aan die suidoos-end van Retiefstraat ... toe het Burgersdorp se seuns mekaar voorbodeagtig met groot oë begin aanstaar. Dit is nie soos by ou tante Koba, soos op Burgersdorp nie! In hul binneste het dit begin rommel en... daar was 'n vraende fluistering: Wat moet dit word? Hier waar muskiete in die modder-biesiewater wemelend broei en gons en miljoenagtig vermenigvuldig by dag en by nag, hier in die sinkhuise en sinkkamers ... Hier, van waar net 'n smal kronkelende voetpaadjie deur die hoë gras na Retiefstraat lei. Retiefstraat!? – self ook een grasveld, met net 'n klein kaal strokie deur die halflyf hoë bedoude gras, heenvoerend na Kerkstraat. En ... dan ... via Kerkstraat noordwaarts voetslaan ... Bult-toe! Want daar staan die Teol. Skoolgebou eensaam op die kaaihaai grasbult tussen die ontelbare regemente




1.5.4

Prof Jan Lion Cachet se rektorswoning, 'n replika van die huis op Burgersdorp.



1.5.5

Rivierstraat ... tydelyke losies in 'n huurhuis.



1.5.6

Dampieshal ... "De lucht is daar altoos verdikt".



1.5.7

Pastorie van dr JD du Toit, met Ferdinand Postma en studente as loseerders.

van heen-en-weer swaaiende grashalms. Naasaan staan 'ou Seur' se woning, volgens Burgersdorpse pastorie-model gebou."

In sy herinneringe herleef Kruger die wroeging wat "ou Seur" (prof Cachet) deurgemaak het, hoedat verplasing vir hom 'n hoë berg was, waарoor heen hy moes worstel. As hy dan maar net sy bekende woning kon saamneem, sou dit minstens 'n druppel soet in die beker kon wees. En ja waarlik, aan hierdie wens is gehoor gegee deur 'n replika van die Burgersdorphuis op die Bult staan te maak.²⁶ 'n Stukkie Karoo in Potchefstroom!

Ook student JJA Coetzee, wat kort hierna as personeel lid van die Literariese Departement aan die hoof sou staan die die Voorbereidende Skool, het sy eerste ervaringe van die nuwe omgewing ongeveer twaalf jaar later meegedeel:

"Dit was in Januarie 1905, dat ek en nog 'n paar studente met die vroeë trein in Potchefstroom aangekom het. Die Theologiese Skool ... sou die volgende dag geopen word. Van die stasie af het ons direk naar die pastorie van die Geref. Kerk gegaan om daar een en ander omtrent losies te verneem. Daar verneem ons dat onder in Rivier Straat 'n huis tijdelik gehuur was, en dat ons daarheen moes gaan.

"Daar ontmoet ons toe 'n paar ou bekendes van Burgersdorp se dae, wat al 'n paar dae vroeër aangekom het, en ons enige biesonderhede omtrent die nuwe woonplek kon medeeel. So hoor ons o.a. dat 'n paar studente in 'Dampies Hall', reg voor die kerk, thuis was, en 'n paar ander in die pastorie, waar ook 'n professor was, en dat hulle deur die kamer van die professor moes gaan om in hulle kamer te kom, maar dat die kamer gelukkig 'n mooi groot venster gehad het. Die venster het dan ook later baje gerieflik ingekom as die dominee soms per vergissing die voordeur Vrijdag aande 'n bietjie vroeg toegesluit het."

Die pastorie was natuurlik die tuiste van dr JD du Toit, terwyl die professor deur wie se kamer beweeg moes word, niemand anders was as Ferdinand Postma nie.

"So's 'n mens kan verwag, was ons baje nuuskierig om die skool te sien, en skaars was die son op of ons gaan sonder gids, met beduie af, daarna toe – somsaar reg deur die vlei, want ons het nie geweet nie, dat dit baje moerassig was, en dat daar 'n spruitjie afkom. Ons het daar op die bult, waar die skoolgeboue nou staan, twee flinke geboue gekry: die Theologiese skool en 'n professors woning. Daar was nog nie bome geplant nie, en die twee geboue was omring deur hoë gras, wat 'n mens se broekpype tot aan die knieë nat gemaak het so vroeg in die môre. Nadat ons die skool vol bewondering beskou het, want ons het in Burgersdorp nie so 'n mooi skool gehad nie, het ons



1.5 Vestiging te Potchefstroom (1905-1910)

huis toe gegaan en die dag verder in bepeinsing deur gebreng. Die volgende dag is die skool met 'n handjie vol studente geopen ... Dit was 'n plegtige oomblik. Daar werd hartelik gespreek, gebid en vierstemmig gesing. Na die plegtigheid moes ons klompie nader staan om met die werk te begin.”²⁷

“Oud-Student” kyk ook veertig jaar later terug na die aanvangsjaar in Potchefstroom: “Opnuut moes kennis gemaak word met die nuwe omgewing en die mense wat onbekend was. En tog het hulle trots gevoel om so 'n gebou te betrek: nie groot nie maar netjies en sierlik, en veral die gedagte dat dit nou die eerste gebou is wat gebou is vir die doel om dit te gebruik vir klaskamers en biblioteek ... het die studente trots laat voel en het hulle besiel met nuwe hoop en moed.”²⁸

Onder die opskrif “Schetsen uit ons Studenten Leven” word “Treurspelhal” en “Dampieshal” deur die studentekoerant genoem as die twee vernaamste studentewoonkwartiere in 1905. Die name gee 'n kykie “in het lieve leventjie van Minerva's zonen” – Minerva synde die godin van wysheid.

Die een losieshuis se naam weerspieël die toestand waarin die Afrikaner hom nou, 'n skrale drie jaar na die uitmergelende en vryheidontnemende oorlog teen Brittanje, bevind: “Treurspelhal is het hoofdkwartier. (Het lyk eienlik meer op een Cycle Shop). Hier staat maar EEN Treurwilg voor die deur. Hier speelt men de treurspel van taal en volk. (Zullen wij nog genoodzaakt worden de harpen aan dien treurwilg te hangen?) Hier worden getokkeld de snaren van den cither ... Hier ruischen de melodien van de viool ... Soms ook wordt de doodelijke stilte laat in den avond gebroken door forsche stem geluiden. En toch de tonen en woorden: 'Kent Gij dat volk' klinken zoo somber en doen het hart zoo weemoedig en zoo treurspelachtig aan.”

Treurspelhal is geen hal nie, lui dit voorts. Dit is verdeel in klein kamertjies, met een of twee studente in elk. Al lyk dit soos 'n “Cycle shop”, is dit tog die woonplek van Minerva se seuns: “Hier wordt vergaderd. Hier wordt gezaaid 't zaad dat, na een rijken oogst, weer op andere akkers zal worden uitgestrooid. Hier tierd onder voor- en tegenspoed de toekomst van land en volk. Treurspelachtig flikkert hier tot laat in den nacht het matte licht der lamp.”

Ook die gemeenskap se ervaring van die studentehuis word beskryf: “Het is een kleine wonder wêreld in het oog van de ombewoners. Hoe misvorm lijk dit krom gebogen beweeglooze gestalte aan de tafel voor het venster. Hier 't uren lange turen op de bladzijden, om ze te bergen in de verborgen kameren van het geheugen. Hier rust het moede hoofd in diep gepeins op de handen. Hier kraast de pen in eentonighed tot laat, ja soms te laat in den avond.”

Die ander losieshuis het die naam “Dampieshal” gedra – en met goeie redes: “Dampieshal – het damp daar – sigaar, tabak, daga? (wie weet?) De lucht is daar altoos verdikt. Dampieshal met zijn loomerige hoofden gelijkt geen 'Cycle Shop', maar een oven. Het dampst daar maar net; het dampst daar al door! Daar vind men niets dan groote pijpen en kleinen menschen. Muddes tabak en weinig boeken. Dikke sigaren en dunne pennen. Veel soortige sigaretten en eenslachttige menschen. Daar leven de bewoners in vrede en rust onder damp en rook.”

“Treurspelhal” en “Dampieshal” was bloot 'n tussentydse fase en boonop van korte duur want die lank beloofde losieshuis op die Bult was vinnig besig om gestalte aan te neem: “nog weinige weken en we laten Treurspelhal aan zijn eigen treurigheid over en Dampieshal aan zijn eigen dampies. Dan trekken wij! Viool en cither van Treurspelhal gaan saam, ook Dampieshal z'n dikke sigaren en dunne pennen; en alle boeken, tafels, stoelen, rakken en 'tobboetsen', witte hoeden en roode baatjes van Treurspel, alles gaan mee – niet te vergeten de muddes tabak van Dampies. Ook de herinnering aan al de lief en leed dier beide plekjes nemen we mee. En zoo trekken wij weg, naar ... GROENPUNT.”²⁹

Daar was groot vreugde, herinner ID Kruger hom veertig jaar later, toe hierdie nuwe losieshuis waarna hulle sedert hul Burgersdorp-dae uitgesien het, uiteindelik betrek kon word – al was dit nou nie die dubbelverdieping wat aanvanklik in die vooruitsig gestel is nie. Die naam van die nuwe tuiste was “Ons Tehuis”.³⁰



1.5.8

“*Ons Tehuis*”, die eerste koshuis op die bult (of “Groenpunt”). Ook bekend as “Rooi Waenhuis”.



En "Groenpunt" dan, waar pas dié naam dan in? Ongeveer 40 jaar nadat die Teologiese Skool na Potchefstroom verskuif het, herinner "Oud-student" die destydse omgewing só: "Waar daar nou huis aan huis gebou is, was daar in 1905 maar sowat 'n tiental huise. Die hele Groenpunt – soos dit in daardie tyd genoem is – het onbeboud gelê."³¹

In navolging van Totius is 'n geografiese beskrywing gegee van "Groenpunt", wat in die noordelike deel van die dorp geleë is. Huise is dun gesaai ("De drang des levens zal ze wel eens nader aan mekaar brengen") omdat mense van nature nie geneig is om na aan mekaar te leef nie "want de tegenwoordigheid van den eenen mensch grijpt in op de vrijheidsrechten van den ander".

Lessers kry byna 'n eeu later 'n duidelike beeld van die milieу waarin die Teologiese Skool met sy Literariese Departement in 1905 hul staan gekry het: "Op G. [Groenpunt] staan drie gebouwen. Boomen zijn hier niet. Het ruige gras is afgebrand. Een gedeelte van den grond is omgeploegd en tusschen de ontzaglijke zooien zijn vrucht-boompjes geplant. De drie gebouwen zijn die van den Rector, de school en ONS TEHUIS. Ten Oosten, vlak aan de draadomheining, gaat het grote pad van Johannesburg voorbij. Daar passeeren den geheelen dag motors en fietsen. Het pad is "kniediep" zand ... Ten Oosten liggen enige huizen met fraaie tuinen en landerijen. Een der huizen ziet er heel ouderwetsch uit. Men vertelde mij, dat het vroeger de woning van wijlen Pres. Pretorius was. Ten Zuid-Westen ligt 't dorp, van G. [Groenpunt] gescheiden door een "lopie", waarin een stroom water, een



Geboukompleks van die Teologiese Skool te "Groenpunt".



1.5.9

Die Groenpunt konsentrasiekamp het meegebring dat die naam "Groenpunt", vir die latere "Bult", nie aanvaarbaar was nie.

Bestel u VLEIS van die

Groenpunt Slagtery

Tom Straat

Kom kyk nou en
Slaghuis nie maar n-
VIR GOE
Beesvleis, Skaapvleis
alley
ALLEEN EÉ
Dus beste
Orders word afgelo... HERB

WILLEM PRETORIUS
GROENPUNT WINKEL

H. Meiowitz,
Algemene Goedkoop Winkel,
GROENPUNT.

Direkte Invoerder en Produkten Handelaar.
Vellen, Wol, enz., enz.

En u Heren Studenten, komt en ziet, mijn
prijzen zijn zeer bilik.



gedeelte van de Mooi loopt. Het dorp is min zichtbaar van hier wegens de vele en hoogen boomen, die 't gezicht belemmeren. Naar het Westen liggen de huizen schier onregelmatig verspreid. Weinig zijn aanzienlijk. Een is bijzonder, van buiten geverfd. Dat is een typisch huis. Verder zijn ze van allerlei vorm, kleur, groote, hoogte en materiaal.”³²

Vir sover vasgestel kon word, is die naam Groenpunt vir die eerste keer deur dr JD du Toit (Totius) gebruik en wel reeds in April 1905, in 'n bekendstellings artikel van Potchefstroom in die studentekoerant: “Hier is onze School neergestreken. Zij nestelt te ‘Groen Punt’”.³³ In die reeds genoemde artikel “Schetsen uit ons Leven” is die deur Totius voorgestelde naam “Groenpunt” van nader bekyk en summier afgeker: “De naam bevalt niet.” Dis nie omdat die plek in die winter eerder na ‘Vaalpunt’ lyk nie, gaan die argumentslyn, want oor 'n paar jaar “zal Groenpunt beplant met ‘evergreens’ en altijd groen uitzien”. Nee, dis die begripsassosiasie: “De naam Groenpunt wekt nu helaas geen begrip van ‘groen’ op. Hij heeft zijn schone beteekenis bij ons volk verlore. Het is een stoffig kamp aan de Kaapsche kust. Daar zaten de gevangenen in den oorlog. Daar werd geleden omdat Recht buigen moest voor Macht.”

Hierdie negatiewe historiese konnotasie asook die feit dat dit “zulk een Engelschen bijsmaak” het, as direkte vertaling van “Green Point”, gepaard met die feit dat dit ook nie huis aanklank in studentegedeelde vind nie, dui daarop dat die naam nie in die smaak val nie. Die hoop is uitgespreek “dat eerlang met alle plechtigheid, in presentie van al de bewoners, onze nieuwe woonplaats haar naam zal ontvangen. Wat zal de ECHTE naam zijn, die deze illegalen vervangen moet?”

Die antwoord op die vraag na die alternatiewe naam sou nie lank uitbly nie want in toenemende mate is daar van “die Bult” begin praat. Van die verwagte plegtige naamgewingseremonie het daar egter niks gekom nie.

Al het die naam nie in die smaak gevall nie, sou “Groenpunt” tog vorentoe sporadies sy verskyning in die woordeskatalogus van die studentegemeenskap maak. In 1907 word 'n rubriek onder die titel “Groenpunt Nieuws” in die studenteblad aangebied en in November 1908 word vertel hoedat die besoek van die weledele heer FC Eloff en sy vrou die studente weer 'n bietjie skrik gemaak het in hulle “gerustheid op Groenpunt”. Dit blyk dat daar teen 1907 ook 'n Groenpunt debatsvereniging bestaan het, teen wie die pas gestigte Afrikaanse Taalunie van die Teologiese Skool woordkragte gemeet het.³⁴

In 1910 word studente deur die studentekoerant aangemoedig om hulle as ware Calviniste toe te rus vir die lewe en word onder meer gesê: “Hier op Groenpunt

merken wij weinig of niets van strijd. Het gaat hier zo rustig toe. Zo vredig ...”³⁵ Dit wil voorkom asof die naam hierna geleidelik in onbruik raak, hoewel dit steeds in 1917 as pleakaanduiding in 'n advertensie van H Meiowitz se “Goedkoop Winkel” voorkom.³⁶ In 1921 adverteer PA Kirstein sy “Groenpunt Slagtery” in Tomstraat. Teen hierdie tyd word daar egter ook na groot ontwikkelinge “hier op die bult” verwys.³⁷

1.5.4 Akademies, personeel, studente

Ook die personeelset moes aandag kry en was aan skommelinge onderhewig, as gevolg van die verskuwing na Potchefstroom.

Met professor Cachet, of “Ou Meester” (“Ou Seur”) soos hy ook deur die studente genoem is, in beheer van die teologiese afdeling, moes daar as gevolg van prof Dirk Postma se bedanking aan die einde van 1904 – hy het 'n beroep na Krugersdorp aanvaar – hulp verkry word vir prof Ferdinand Postma in die literariese afdeling. Op voorstel van dr JD du Toit is aanvanklik, in korrespondensie met professore J Woltjer en Barkhuizen-Rooseboom, gepoog om 'n “mathematischen professor” in Nederland te werf, maar sonder sukses – moontlik te wyte aan die feit dat die kuratore net bereid was om 'n voorskot te gee aan 'n suksesvolle kandidaat. APC Duvenage is toe as assistent in die vakante pos aangestel, maar omdat sy studies nog nie voltooi was nie, kon hy dit nie op daardie stadium opvolg nie.³⁸ In Februarie 1905 is AH Kooyker as assistent in matematische en fisiese wetenskappe en J Kamp as assistent in literariese vakke aangestel, terwyl HJJ van der Walt aan die einde van 1905 die assistentskap wat vir 'n behoeftige student geallokeer is, gekry het.³⁹

Jan Kamp het in 1898 vanaf Nederland na Suid-Afrika geëmigreer en was as onderwyser werkzaam tot met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog, toe hy aan die kant van sy aangename vaderland die wapen teen die Britte opgeneem en die oorlog deurgesien het. Dit word vertel dat hy met wapenaflegging na vredesluiting sy geweer uit protes met 'n tou agter hom aangesleep het. Na die oorlog was hy werkzaam by 'n prokureursfirma te Volksrust. Hy wou graag in die teologie verder studeer en het, as afgevaardigde by die sinode van die Gereformeerde Kerk in April 1904 te Middelburg, hieromtrent navraag gedoen by die kuratore van die Teologiese Skool.

In sy aansoek het hy daarop gewys dat, wat literariese vorming betref, hy slegs oor 'n Hollandse onderwyskwalifikasie beskik en wel omdat hy hom op 'n vroeë stadium op joernalistiek toegespits het. Verskillende artikels uit sy hand het in *De Heraut* en ander gereformeerde publikasies verskyn en het



goeie reaksie ontlok. Hy het ook 'n getuigskrif van dr Abraham Kuyper, redakteur van die blad, by sy aansoek ingesluit.⁴⁰ Kamp het toe wel nie toelating gekry nie, maar skynbaar so 'n goeie indruk gemaak met sy voorlegging dat hy kort hierna 'n pos as dosent aan die pasgevestigde Teologiese Skool aangebied is.⁴¹

Intussen is gewag op die afhandeling van die studies van APC Duvenage aan die South African College, die latere Universiteit van Kaapstad. Volgens prof Ferdinand Postma is Duvenage, wat voor die oorlog student te Burgersdorp was, huis deur die destydse professore aangeraai om hom aldaar te gaan bekwaam omdat hulle hom geoormerk het om later met die uitbouing van die literariese departement behulpsaam te wees.⁴² Hierdie mededeling is 'n verdere aanduiding van die vergesigte jeans die toekoms van die Literariese Departement aan die Teologiese Skool.

Die heer AH Kooyker, soos Kamp ook 'n oud-Hollander, was tot met die April vakansie in 1906 behulpsaam,

waarna Duvenage die betrekking as professor in Wiskunde en Natuurwetenskappe aanvaar het.⁴³ In sy intreerde, op 24 April, stel hy dit onomwonde dat hy sy besondere taak nie anders as in die lig van Gods Woord kan beoefen nie. As 'n mens die natuur bestudeer, kom jy meer en meer onder die besef van God se groot werke; as jy die samehang van die son, maan en sterre aanskou, en die krag wat 'n druppel water bolvormig maak, "dan moeten we zeggen God heerscht in het algemeen en in het bijzonder".⁴⁴


Tydens die kuratore se vergadering in Desember 1906 is aangekondig dat Kamp voortaan die titel dosent sou dra en is die betekenisvolle besluit geneem dat die oudste professor in diens van die literariese afdeling as assistentrektor sou optree, "voor het tegenwoordige".⁴⁵ Dit lei geen twyfel nie, die Literariese Departement, soos nou al hoe meer daarna verwys is, het stadig maar seker in statuur gegroei. As senior literariese professor sou Ferdinand Postma dus as assistentrektor optree en help om koers en rigting te gee.

Te midde van die pogings om die Teologiese Skool na buite te bemark (**kyk afd 1.5.5**) was daar na binne verskeie krapperrighede wat die aandag geverg het. Een van hierdie pyne het huis gewentel rondom die persoon van die jeugdige nuwe natuurwetenskaplike professor, APC Duvenage.

Vroeg in Maart 1907 besin die kuratore oor die "ontmoedigende" uitslae van die Universiteitseksams en blyk dit veral Duvenage se studente te wees wat nie die mas kon opkom nie.⁴⁶ Van studentekant het daar intussen 'n beswaarskrif teen die onderrig van Duvenage ingekom. Die kommissie wat met die saak gehandel het, het die studente se besware ten dele aanvaar en Duvenage is sterk aangespreek, tot so 'n mate dat hy geadviseer is om op die uitkyk te wees vir 'n ander betrekking.⁴⁷

In Desember 1907 kon die kommissie darem gunstiger rapporteer, naamlik dat daar 'n verbetering ten goede te bespeur is wat betref die doseerwerk en die gesindheid onder die studente.⁴⁸ En so het Duvenage deel van die opset gebly en nie 'n ander betrekking gesoek nie.

Dit is natuurlik nie uitgesluit nie dat die onmin wat Duvenage se koms op die sportvelde tot gevolg gehad het, dalk ook 'n rol gespeel het in die studenteverset teen hom. Synde self blykbaar 'n nie-te-versmaie deelnemer aan hierdie sportsoort tydens sy studentejare aan die South African College in Kaapstad, het hy naamlik dadelik na sy aankoms op Potchefstroom 'n rugbyklub gestig. Vanweë die uiterst beperkte studentetal in hierdie tyd het hierdie



1.5.10

HJJ Van der Walt (links), vanaf 1905 assistent en later onderwyser aan die Voorbereidende Skool. Regs is AJ (Ad) Coetzee, swaer van Ferdinand Postma en eerste hoof van Potchefstroom Gimnasium.



1.5 Vestiging te Potchefstroom (1905-1910)



1.5.11

Orangia Football Club, 1903/1904. Voor: HA du Toit, PW Bingle, en FJ Jooste. Middel: WJ de Klerk, BR Grobler, HJJ (John) van der Walt, DP du Plessis (kapt), J Duvenage, en JJA Coetzee. Agter: G Olivier, I Vorster, C van der Walt, ..., B Vorster.

verwikkeling gedreig om die studente se sokkerklub, wat nog uit die Burgersdorp-era dateer en 'n ledetal van 16 getel het,⁴⁹ te laat doodloop. Sokkerkaptein DP du Plessis het gevolglik die nuwe spel – en daarmee saam die nuwe professor – met alle mag bestry.⁵⁰

Teen Julie 1906 kon die studentekoorant, in dieselfde uitgawe waarin breedvoerig berig is oor die inhuldiging van die nuwe professor, met skynbare verligting in die "Varia"-rubriek berig "dat hier nou weer nieuwe leve en broederlike liefde onder die Studente is". Daar is blybaar tot 'n kompromis gekom en dit het Duvenage geluk om 'n "Rugby team" neffens die "Association team" (sokker) as deel van die Fac et Spera Football Club te vestig.⁵¹ Of die sokkermense werklik so gelukkig was, is 'n ander vraag, want hierdie sportsoort het skynbaar kort hierna stilweg van die toneel verdwyn terwyl rugby geleidelik veld begin wen het.⁵²

Dit kan ook wees dat hierdie buitemuurse bedrywighede gans te veel tyd van die groentjieprofessor in beslag geneem het en dat sy doseerwerk daaronder gely het – in 'n tyd toe buitemuurse aktiwiteite enveral

sportdeelname aan die Teologiese Skool nog as 'n absolute bysaak beskou is.⁵³ Al is hy in die proses oor die vingers getik, het Duvenage getoon dat sy belangstelling nie net by proefbuise en eksperimente lê nie. Daar is later tereg na hom verwys as die vader van die spel rugby aan die inrigting en hy sou die sportsoort ook op provinsialevlak dien.⁵⁴

Wat van studente van ander kerke? En die toelating van dogters?

'n Beginselsaak waarmee die Teologiese Skool van tyd tot tyd moes worstel, het weer teen 1906 na vore gekom. Ds SJ du Toit, vader van dr JD du Toit of Totius, soos hy nou al hoe meer bekend geword het, het per brief aan die kuratore 'n student van 'n ander kerkgenootskap – 'n sekere jongman genaamd Van Rooyen – vir studie aan die Teologiese Skool aanbeveel. Heelwaarskynlik was Van Rooyen 'n lidmaat van ds Du Toit se Gereformeerde Kerk onder die Kruis, wat hy gestig het na sy breuk met die NG Kerk. Die kuratore het die turksvy na die volgende sinode oorgegooi en gevra of, met die oog op die verspreiding



van gereformeerde beginsels, persone van ander kerke toegelaat kon word om teologie te bestudeer en desnoods hul eksamens ook aan die Teologiese Skool te kon aflê.⁵⁵

Hoewel daar 'n gevoel en gevoglike voorstel was dat sodanige toelating "vooralsnog" nie nodig was nie, het die sinode die bal teruggegooi na die kuratore: gesien die feit dat daar in die sinodale bepalinge niks is wat dit belet nie, word besluite hieroor aan die oordeel van die kuratore oorgelaat.⁵⁶

Dit kom enigsins vreemd voor dat die Teologiese Skool, sedert sy stigting en met die groei en ontwikkeling van die Literariese Departement in sy midde, oor al die jare heen bloot net 'n onderwysinrigting vir seuns/mans gebly het. Tradisioneel was die inrigting egter 'n mansvesting en wel omdat die primêre doelstelling was om predikante op te lei. Wat die grondleggers en bouers van die Teologiese Skool betref, was die emansipasie van die vrou nog ligjare ver. Die Teologiese Skool met al sy opleidingsvertakkinge (laer, hoër en tersiêr) het steeds 'n "boys' club" gebly.

Reeds so ver terug as 1897 het 'n lidmaat van die Gereformeerde Kerk die kuratore tevergeefs genader met 'n versoek dat ook dogters tot die literariese afdeling van die Skool toegelaat moes word.⁵⁷ Toe kom die oorlog. En die ná-oorlogse rekonstruksie, gevolg deur die erg ontwrigtende verhuisning vanaf Burgersdorp, en die voetevindery te Potchefstroom. En steeds die etiket, "Net Vir Mans"

Tydens die feesvieringe ter herdenking van die stigting van die Teologiese Skool einde November 1902 het kurator ds LP Vorster die gedagte uitgespreek dat 'n opleidingskool vir dames tot die Teologiese Skool toegevoeg behoort te word. Hierdie gedagte is algemeen verwelkom en in Mei 1903 deur 'n medewerker in die studenteblad verder gevoer met 'n pleidooi vir 'n damesinstituut. Met uitsprake soos: "Is een School voor jongelieden noodzakelijk, die voor Dames niet minder" en "Die zaak moet ons ter harte gaan. Hoe vele ouders zien niet met verlangen naar zulk een Gereformeerde inrichting uit? Ik denk wij zullen verbaasd staan bij het hooren van het getal."

Voorasnog sou hierdie gedagte maar net 'n gedagte bly ...

Oor wie die eerste damestudent aan die Teologiese Skool was, en wanneer, is daar 'n mate van verwarring en wasigheid. Oud-student DP du Plessis het pas voor sy dood in 1941 daarop gewys dat mejj A Cachet en S Snijman, dogters van prof Jan Lion Cachet en ds W Snijman, "die eerste en enigste damestudente aan die 'Teologiese Skool met Literariese Departement' ... 'n aanwins in die skoollewe!", was.⁵⁸ Hoewel geen

bevestigende getuienis hieroor gevind is nie en dit telkens deur die latere feite oor toelating van dames weerspreek word, behoort die saak tog grondig ondersoek te word.

Wat by die hantering van hierdie kwessie wel deeglik in berekening gebring moet word, is die feit dat die Teologiese Skool op daardie stadium nog "oop" was en dat selfs die laer standerds hulle opleiding daar ontvang het. Du Plessis self verwys na die foto wat in Oktober 1899 geneem is en sê dat van die 28 studente daarop, slegs 12 gematrikuleerd was. Tog het almal deurgegaan as "teologiese studente".⁵⁹ Indien die twee dames wel "studente" was, was dit heel waarskynlik ook maar net op 'n baie elementêre vlak en kan dit die verklaring wees waarom hulle aanspraak om eerstes te wees, nie elders en later sterker na vore gekom het nie.

Tydens hul vergadering in Desember 1909 behandel die kuratore 'n versoek van die teologiese professor en rektor, prof Cachet, vir toelating van damestudente tot die literariese klasse. Die kuratore het nie 'n probleem daarmee nie en gee tussentydse toestemming, totdat die sinode in Maart 1910 hieroor uitsluitsel kon gee.⁶⁰

Die staccato-agtige notulering van die handelinge van die sinodewerp nie veel lig op die sieninge en standpunte van die sinode as eksklusiewe mannekub nie. Die kuratore vra die vraag, dit word ter tafel geneem en twee voorstelle word ingedien: Ds WJ Snijman van Venterstad wil dat geen gevolg aan die versoek gegee word nie, terwyl Bethulie se meer verligte ds JA Van Rooy ietwat meer genaakbaar is: "Jongdochters mogen toegelaten word om de klassen bij te wonen, maar zij worden niet als studenten of leerlingen der inrichting ingeschreven." Van Rooy se voorstel is toe aanvaar.⁶¹

Dat die manlike studente van die Teologiese Skool nie eens was met die anti-feministiese houding van sommige van die kerkvaders nie, blyk duidelik uit die studenteblad se positiewe reaksie: "Ons heet al die dames-studente welkom aan onse skool. Ons hoop Co-educatie sal hier gesond werk in alle opsigte. Mog daar ook spoedig samenwerking tussen ons kom. Daartoe nooi ons die dames-studente vriendelik uit om so effentjies naar onse vergaderings te kom kijk, miskien word hulle beweeg. Ook staan die kolomme van ons blad ver hulle ope."⁶²

Die impak van hierdie verwikkeling word geïllustreer deur die volgende nuusitempie in die studentekoerant. In ligte luim word nou in studentegeledere gevra: "Wat fluit die voëltjies?" En kom die antwoord: "Dat Kameel beweer, dat die nooiens hom tog maar al te danig afbreuk sal doen aan s'n werk en hom dus tot nadeel hier is."⁶³



1.5.12

Kitty Postma. Die aanspraak dat sy die eerste damestudent aan die Teologiese Skool was (in Potchefstroom Gimnasium se eerste jaarboek in 1916), word in die meegaande besprekking van die toelating van dames tot die Skool as foutief uitgewys.

Daar heers heelwat verwarring oor hierdie toelating van damestudente tot die Teologiese Skool. Die versoek van die professore was of dames tot die literariese klasse toegelaat kon word, en die sinodebesluit was dat hulle wel die klasse kon bywoon, dog nie “als studenten of leerlingen der inrichting” ingeskryf kon word nie. En tog vind ons die name van dames in die registerboek van die Skool, vir die jaar 1910. Nee, meer nog: een van die dames word in die “volksmond” beskou as synde die eerste dame oftewel soos dit destyds genoem is, “leerlinge” aan die Teologiese Skool: Kitty Postma, jonger suster van prof Ferdinand Postma en later getroud met die destydse hoof van die Voorbereidende Skool (Potchefstroom Gimnasium), JJA (Ad) Coetzee.

Die Kitty Postma-aanspraak het waarskynlik oorsprong in die byskrif tot die foto hiernaas. Hiervandaan het die aanspraak versprei totdat dit as ‘t ware as algemene kennis aanvaar en deurgegee is, meestal in reklamestukke van die Potchefstroomse Universiteit.

‘n Inskrywing in ‘n ou studenteregister, wat inskrywings vanaf 1869 tot 1923 bevat, ondersteun blykbaar die Postma-aanspraak – maar skep terselfdertyd ‘n nuwe probleem. Inskrywing nr. 242 is dié van Kitty Postma van Johannesburg en as datum van inskrywing word aangedui Januarie 1909. In die aanmerkingekolom is ingeskryf “Matr.[iek] 1910” en “Sk[ool] v[erlaat] 1910”.

Handskrifontleding en ander maastawwe van interne kritiek dui daarop dat verskillende persone die inskrywings behartig het en dat dit nie noodwendig ten tye van die werklike registrasie van studente gedoen is nie. Inteendeel, alles dui daarop dat die register heelwat later aangelê is en dat die inskrywingsdata van ander bronne of uit herinneringe afkomstig is.

Die inskrywing direk voor Postma s’n (nr. 241) is dié van Ethel Fawkes van Johannesburg, met nommers 243 en 244 toegeken aan Miss K Gauche en Miss Zerwick, albei Potchefstromers. In al drie gevalle is as datum van inskrywing aangetoon Januarie 1911 en dié van matriek as 1911. Dit is ietwat vreemd dat veral Ethel Fawkes, wie se naam direk voor dié van Kitty Postma verskyn, se inskrywingsdatum twee jaar later as dié van Postma dateer.

Inderdaad bevat die betrokke “studente-register” ook die inskrywings van leerlinge vir matriek en wel omdat matrikleerlinge destyds nog hul opleiding aan die Teologiese Skool en nie aan die destydse Voorbereidende Skool (later Potchefstroom Gimnasium) ontvang het nie.⁶⁴

Die bogenoemde inskrywings is kennelik almal in die handskrif van prof Ferdinand Postma, ouer broer van Kitty. Hy moes baie beslis ‘n fout gemaak het deur Kitty se inskrywingsdatum as 1909 te dateer want volgens alle aanduidings was daar beslis nie al in 1909 dames aan die skool toegelaat nie. Kitty kon dus hoogstens in 1910 ingeskryf het en was beslis ook nie die enigste dame wat in dié jaar geskiedenis gemaak het deur vir matriek alleen hulle by die mans van die Teologiese Skool te skaar nie.

Ter bevestiging van bostaande kan ook gewys word op die studenteblad *Fac et Spera* se verwelkoming van **dames** (in die meervoud) in die uitgawe van 15 Februarie 1910, bo aangehaal. En ook op die notulering deur die kuratore, op 7 Desember 1910, dat die sinode die toelating van **dames** aan die Teologiese Skool toegestaan het.⁶⁵

Die koms van die eerste dame vir post-matriek opleiding het inderdaad nog etlike jare in die verskiet gelê.

1.5.5 Beeldbou en skakeling

Dat die Literariese Departement nou op dreef begin kom het en vinnig besig was om ‘n eiesortige karakter aan te neem, blyk uit die byna aggressiewe bemarkingsveldtog met die oog op studentewerwing wat kort na die vestiging te Potchefstroom onder leiding van professor Ferdinand Postma van stapel gestuur is. Die veldtog is voorafgegaan deur ‘n



wyd geadverteerde byeenkoms in Fordsburg op 9 Desember 1905, waar die hand diep in eie boesem gesteek en die roeping en taak van die Teologiese Skool indringend beredeneer is.

Die byeenkoms, wat grootliks op inisiatief van ds WJ de Klerk gehou en as “jaarvergadering” van die Teologiese Skool aangebied is, met die doel om groter belangstelling vir die Teologiese Skool op te wek,⁶⁶ is bygewoon deur altesaam 11 predikante, al die professore en dosente, enkele studente en ‘n aantal lidmate van omliggende gemeentes.⁶⁷ Opvallend is daar nie sprake van kongresgangers vanuit die geledere van ander kerkgenootskappe nie.

Die agenda het die volgende behels:

- Die roeping van die Teologiese Skool vir die kerk – prof JL Cachet
- Die roeping van die Teologiese Skool vir die wetenskap – ds PC Snyman
- Die roeping van die Teologiese Skool ten opsigte van die maatskappy – prof F Postma

terwyl ds P Postma finansiële sake van die Teologiese Skool sou behandel.

In ‘n veranderende Suid-Afrika, lui die verslag van die verrigtinge, is dit hoe langer hoe meer noodaakklik om, eerstens, in eie kring en aan onsself “helder rekenschap [te] geven van wat de roeping en taak onzer Theol. School is”. En tweedens, “dat wij ... ook naar buiten uit getuigenis afleggen van wat wij willen en doen, en waarom wij zoo doen en niet anders”.⁶⁸

In sy inleidende rede onderskei prof Postma tussen die Teologiese en die Literariese Departement as segmente van die Teologiese Skool en dui aan dat dit eintlik laasgenoemde is wat die inrigting in kontak bring met die maatskappy. En hoewel die maatskappy in Suid-Afrika uit twee heterogene elemente bestaan, is die maatskappy waarna hy spesifiek verwys, ‘n afrikaanse maatskappy.

Eerstens is dit die inrigting se roeping om in die maatskappy te staan en wel omdat dit deel is van daardie maatskappy; daarom moet dit ‘n inrigting wees vir die maatskappy en nie net vir een seksie nie, moet daar steeds noue bande met die maatskaplike lewe behou word. Dan laat Postma onomwonne blyk dat hy ‘n breër basis vir studente-inname voorstaan: al dra hulle nie finansieel by tot die onderhoud van die skool nie, kan lede van ander kerke nie uitgesluit word nie. Te eksklusief moet ‘n mens nie wees nie: juis deur diesulkes op te neem, kan invloed ook buite die kerk om uitgeoefen word.

As die Teologiese Skool sy regmatige plek in die maatskappy wil inneem, sê Postma verder, moet hy inskakel by die eksamineringstelsel van die Kaapse Universiteit want dit is die enigste wyse waarop toegang tot maatskaplike posisies verkry kan word. Die stelsel van die Vrye Universiteit van Amsterdam, om eie eksamens af te lê, sal nie deug nie omdat dit nie na buite erken word nie en dus ekstra eksamens sal meebring.

Die Teologiese Skool het egter nie net ‘n roeping ten opsigte van die eise van die praktyk nie, maar moet ook rekening hou met die tradisies van die volk, moet studente oplei “als mannen die hart hebben voor het leven en bestaan van het Afrikaansche volk”. Hierdie roeping word vervul deur van studente ‘n grondige kennis van vaderlandse geskiedenis te vereis, waardeur verseker word dat die leerlinge nooit behoeft sal voel om aan Nelson-verering (verwysende na die beroemde Britse vlootoffisier wat tydens die Napoleontiese oorloë aan die begin van die 19de eeu Britse oppergesag op see bevestig het) mee te doen nie.

“Uit haar moeten ter wereld intreden mannen die een stuur aan zaken kan geven, geleid in hun handelen door een innig en diep gevoel van nationaliteit. Mannen aan wie onse Afrikaansche bevolking iets heeft; mannen die ijveren zullen voor de belangen van het Afrikaansche volk.” Daarom ook weer die eis vir ‘n oop universiteit, dat die deure moet oopstaan vir almal wat van die Skool se opleiding gebruik wil maak.

In aansluiting hierby bring hy hulde, en hou hy as prototipes voor die studente wat in die afgelope oorlog hul lewens, goed en bloed vir land en volk opgeoffer het. Hy herinner ook “hoe de Theol. School met haar volk schande en schade verdroeg”.

Derdens en laastens moet opleiding gerig word deur die Christelike en meer bepaald gereformeerde beginsels waaraan die inrigting sy ontstaan te danke het en wat ook sy bestaansreg in die toekoms sal wees: “De Theol. School moet niet alleen nationale mannen aan de maatschappij geven, maar, en deze is nog een veel hoogere roeping, mannen van eene beslist christelike overtuiging.”

Met hierdie toespraak het Postma bloot net weer die Christelik-nationale karakter van die inrigting herbeklemtoon. Sy pleidoorie dat die maatskappy gedien moet word, en vir ‘n oop universiteit, moet binne konteks gelees en beoordeel word. Soos hy self verduidelik het, was die maatskappy ‘n Afrikaanse maatskappy; en as hy pleit vir oop deure en ‘n oop universiteit dan bedoel hy oop ook vir Afrikaner studente van ander kerkgenootskappe as die Gereformeerde Kerk.



1.5 Vestiging te Potchefstroom (1905-1910)

In besprekingstyd het sterk stemme ook opgegaan vir die onderrig van onderwysers en vir studie in die regte, alles natuurlik in die lig van Gods Woord. Ds Dirk Postma het gepleit dat 'n pers aan die professore beskikbaar gestel moes word om hulle in staat te stel "in maatschappelike zaken mee te spreken", terwyl ds LP Vorster so effens swaarde gekruis het oor die onderspeling van predikante se rol en invloed in die maatskappy. Teenoor die Metodistiese siening dat die predikant net moet preek "en verder de wereld moet laten loopen", wil die Calvinisme dat die predikant ook in die politiek en ander maatskaplike vraagstukke "meespreke", as hy daar toe geroep word.⁶⁹

Ds Vorster was natuurlik bekend as 'n man wat, reeds terwyl die Teologiese Skool nog te Burgersdorp gevëstig was, intens in landsake en politiek betrokke was. Hy was een van die twee Kaaplandse kuratore wat tydens die Anglo-Boereoorlog op 'n klag van hoogverraad 'n tyd lank in die tronk deurgebring het. In sy latere lewe het hy aktief aan die politiek deelgeneem en wel as parlementslid vir die kiesafdeling Albert, vanaf 1915 tot 1920.⁷⁰

Dit is tog asof daar 'n effense spanning tussen die teologiese en literariese segmente van die Skool te bespeur is. Dat alles beslis nie pluis was nie, word verder onderstreep deur uitlatings wat Ferdinand Postma kort hierna tydens 'n gemeentevergadering te Pretoria gemaak het.⁷¹ Volgens die notas vir sy toespraak het hy openhartig gepraat, "onze eigen zaken binnekken eigen kring" aan die orde gestel. Met die toekoms van die Teologiese Skool as tema, kyk Postma terug na wat in die verlede gedoen is en lê hy riglyne neer vir die toekoms. Uitbreidingsmoontlikhede raak veral die Literariese Departement, 'n voorbereidend skool en die opleiding van onderwysers.

'n Voorvereiste vir sukses is liefde vir die skool, maar daar lê die probleem: "Er is teveel tweedracht en oneenheid ten opsigte van die School. **De een** zegt, "hij deugt niet en moet maar ophouden te bestaan"; die ander zegt, "wij moeten daar andere manne aanstellen en dan zal 't alles beter gaan; **Een derde** wil die School weer verplaatsen en zoekt redding in verplaatsing, en ook hierover is oneenheid sommige zeggen Pretoria, anderen, Johannesburg, weer anderen Burgersdorp enz. enz. De eene groot zaak, die de grondoorzaak is van den toestand, is die **liefdeloosheid**."

Postma het Johannes Calvyn as prototipe voorgehou, vir wie die eer van God die hoogste beginsel was. Op hierdie beginsel het hy 'n universiteit gevëstig en het hy mense gevind wat daarvoor geoffer en opgeoffer het, ook op finansiële gebied.

Verwysende na 'n testamentêre bermaking van £15 000 aan die Universiteit van Stellenbosch,⁷² kon Postma nie anders as om te wonder of daar nie maar net een so 'n ondersteuner in eie geledere is nie. Hy het 'n ernstige beroep op ouers gedoen om hul kinders na Potchefstroom te stuur en afgesluit met die versoek dat in gebede aan die Skool gedink moes word.

Postma en sy helpers het dit nie net by woorde laat bly nie, maar het hulle hart en siel gewy aan hul roeping en taak. Vanaf die middel van 1906⁷³ figureer die Literariese Departement as entiteit byvoorbeeld baie prominent in advertensies in die kerklike mondstuksel en die studenteblad.

Hierdie eerste pogings ter aggressiewe bemarking van die Literariese Departement het die aandag getrek van die Amerikaanse tydskrif *Banner of Truth*, mondstuksel van Calvin College, Grand Rapids. In sy dekking van die konferensie oor onderwys te Fordsburg is gewys op die uitgesproke behoefte om die plek en rol van die Literariese Departement duideliker te definieer. Ook is goedkeurend verwys na die konferensie se ondersteuning vir CNO-skole, in teenstelling met genl. Botha en andere se pogings tot samewerking met die Britse regering.

Die blad het ook in positiewe terme verwys na 'n uitgawe van *Die Kerkblad* van 1 Junie 1906, waarin vermeld is dat die Teologiese Skool vier professore aakkomodeer en dat voorbereidende eksamens vir die UCGH gedoen word: "We congratulate our sister denomination in the land of the Boers and especially the Potchefstroom institution."⁷⁴

By die Vrye Universiteit in Holland was daar blydskap en ingenomenheid met die feit dat die "Afskeiding" ook in Amerika en Afrika beslag gekry het, in die teologiese inrigtings te Grand Rapids en Burgersdorp. Die blad *Fac et Spera*, wat op ruilbasis ontvang word, getuig volgens die eweknie studenteblad van die VU (*Nil Desperandum Deo Duce*) van kragtige besieling vir die welsyn van volk en kerk. Nadat een en ander oor die aktiwiteite te Burgersdorp gerapporteer is, spreek *Nil* die hoop uit dat die uitruil van koerante wedersyde belangstelling en waardering sou uitlok en dat hegte bande tussen die onderskeie Gereformeerde verenigings, synde "gezamenlijk loten van den Hollandsche stam, geesteskinderen van Calvijn en zones der tweede Reformatie", sal ontstaan.⁷⁵

Die herverskyning van *Fac et Spera* ná die verhuis na Potchefstroom, in 'n welkome nuwe gedaante en van 'n opsigtelik hoër kwaliteit, is deur die studenteblad van die VU "in de wereld der academische pers" verwelkom. Die verhuis self is beskryf as "de overplanting uit die, met Engelschen miasmen



doorwaide lucht der Kaapkolonie naar de zuiverder dampkring van het Hollandsch middelpunt in Transvaal". Die verblydendste feit is dat die redaksie self voel dat hulle krag in die Hollandse element geleë is: "Waar de Studenten van Stellenbosch zich niet schamen een blad uit te geven, dat voor een goed deel Engelsch is, vindt ge hier Hollandsch schier van a tot z." Die strewe na 'n suiwer Afrikaans as nasionale taal word ondersteun: Hollands is vir die Afrikaner 'n Sondagstaal waarmee hy nooit die stryd teen Engels sal kan volhou nie.⁷⁶

Die feesvieringe en herdenking van die vyftigste bestaansjaar van die Teologiese Skool te Kampen⁷⁷ het nie onopgemerk by die Teologiese Skool te Burgersdorp verby gegaan nie. In die kerkmondstuk van 15 Junie 1904 het prof Cachet, wat ook redakteur van die blad was, jeugherinneringe opgeroep "met hoeveel verachting er op het hoopje afgescheidenen werd nedergezien, en dat niet alleen door bestrijders, maar ook door vrienden der waarheid". Hy het ook daarop gewys dat "vader Postma" dit altyd as 'n genade van God bestempel het "dat hij verwerdigd werd ook die school in stand te helpen brengen, en het groote beginsel door de stichting van de school uitgesproken was ook het zijne ... Dit beginsel was: dat de kerk onze school behoort te hebben, die, met uitsluiting van alle anderen, aan haar onderworpen is. Dit beginsel is het ware, en al moge zoodanige school den weidschen naam van "Universiteit" niet kunnen dragen, het heil der kerk zal op die wijze beter behartigd worden."⁷⁸


Daar was ongetwyfeld volle vereenselwiging met die moeilike aanvangsjare van Kampen, soos kortlik in die redaksionele berig geskets: net £24 in die kas, sonder 'n gebou of 'n biblioteek, met net 3 professore. Die verwysing na universiteitwees is opvallend en getuig van die onderliggende spanning wat huis in hierdie tyd in Gereformeerde kringe aan die broei was en wat in die voorafgaande lang debat oor die verplasing van die Teologiese Skool telkens na die oppervlakte deurgeblaan het.

Dit was ietwat anders gesteld, vir sover dit betrek die 25ste herdenking van die stigting van die Vrye Universiteit in Amsterdam, in Oktober 1905. In studentegeledere is met genot kennis geneem van verslae hieroor "uit velerlei pennen ... daaronder voortreffelike pennen!". En die besef het maar weer deurgedring: "Ook de Studenten-wereld ... heeft zoveel vóór in Europa: de classieke wereld en wetenschap, kunst en bezieling voor hooge beginselen."⁷⁹

Bepaalde uitsprake in die feesrede van VU-rektor, prof DPD Fabius, oor sy instelling se moeilike aanvangsjare – met net twee studente; geen literariese of juridiese fakulteite nie; geen aula, geen senaatsaal of

1.5.13

**VU-rektor
DPD Fabius**



kollegekamers nie – het so reg in die smaak van die Potchefstromers geval. Hulle sou ongetwyfeld vergelykenderwys aan die eie onbenydenswaardige situasie van die eie pioniersjare gedink het. En ook aan die heersende omstandighede, wat steeds maar nie te waffers was nie.

Daar word ook met instemmende belangstelling verder kennis geneem van wat prof Fabius verder te sê gehad het. Hoedat die VU reeds gegroei het tot 'n simbool van nie-te-versmaai lewenskrag en gesonde energie. En dat die inrigting nie tot stand gebring is deur "eenen Carnegie of anderen millioenen-vorst", of deur sportborge nie. Nee, van meet af aan het die VU die nodige steun gekry "in de breedere kring des volks; niet het meest bij de groot en edelen, maar voornamelijk in den wijden kring van onze burgerstand. Het zijn honderden en duizenden uit dat grote volksdeel geweest, die voor haar gewerkt hebben met het offeren van het spaargeld, door uren van inspanning haar dragende op die vleugelen des gebeds."

Groot klem word is ook deur prof Fabius gelê op die VU se rol om volkseenheid te bewerkstellig, op die vryheidselement in die naam van sy inrigting: "Voor die eenheid toch, voor een krachtig nationaal gevoel, voor ware liefde tot het Vaderland, is niet noodig, dat allen in eenzelfde keurslijf worden geperst, en in instellingen van eenerlei aard door wettelijke dwang saamgedrongen. Veelal is het omgekeerde waar; werkt daarop schadelijk en verstorend het gevoel, dat men overheerscht wordt, in zijn recht verkort, in zijn leven niet erkend."⁸⁰ Hierdie herbevestiging van die bestaansreg van die VU sou vanselfsprekend ook op die Teologiese Skool, maar veral ook op die groeiende Literariese Departement van toepassing gemaak kon



word.

In hul eie worstelstryd om te bestaan, moes hierdie uitsprake en sieninge soetklinkend op die oor gewees het vir diegene wat in die enjinkamer van die universiteit in wording aan 't werke was. Ja, inderdaad, getuig die studenteblad: "Ook de annalen van onze School kunnen evenals die van de Vrije Universiteit, getuigen van veel moeite en stryd, zoowel als van trouw en volharding in de kracht onzer Gods. De strijd voor **beginselen** is zwaar en moeitevol, niet minder hier dan in Holland."⁸¹

Weens verskille in die onderwysstelsels en benaderings was dit aan die begin van die twintigste eeu moeilik vir Afrikaners om hul studies in Nederland voort te sit en het die meeste sodanige studente hulle vir gevorderde opleiding na Engeland, Skotland of Duitsland gewend. Suid-Afrikaanse eksamens is nie in Nederland erken nie, "waardoor men verplicht was van voren af alles weer in te pompen, maar nu door middel van Nederlandsch". Na-oorlogse Nederlandse toegeneendheid het daartoe gelei dat prof J. de Louter van Utrecht namens die NZAV 'n voorlegging by die Nederlandse regering ingedien het, om dié saak in die reine te bring.

In die De Louter-verslag, wat in *Die Volkstem* van 28 Oktober 1905 gepubliseer is, word die toepaslike kursusse vir vrystelling voorgehou. Omdat die NZAV met die saak gewerk het, was die kans goed dat die De Louter-verslag aanvaar sou word. Gebeur dit, kon verwag word dat baie studente wat normaalweg hul skredes na Europa wend, voortaan by Nederlandse universiteite sou inskryf – wat natuurlik tot voordeel van die Hollandse element in Afrika sou strek. Toe dit blyk dat die kandidaatseksamen in Teologie te Stellenbosch deur die fakulteite van die Nederlandse Ryksuniversiteite erken word, is gevra of die eweknie-eksamen van die Teologiese Skool te Potchefstroom dan nie ook hierop kon aanspraak maak nie.⁸²

Ook van VU-kant is gevoel dat hierdie universiteit sy reglement inlyn moes bring met die De Louter gedagtes, veral omdat die lewens- en wêreldbeskouing van die Afrikaner veel meer aansluit by dié van die VU as by die openbare universiteite. Daar is spesifiek versoek dat ook die grade wat deur die Teologiese Skool te Potchefstroom aangebied word, die nodige erkenning sou kry.⁸³

Daar is inderdaad vanuit Nederlandse geledere 'n hoë premie geplaas op Suid-Afrikaanse studente. 'n Nederlandse handboekie wat uitgegee is om as riglyn vir Suid-Afrikaanse studente in Nederland te dien, is hartlik verwelkom: "Waar ons stam bewustzijn in de laatste tijden zoo verflauwd was, kan juist de omgang

met de Zuid Afrikaanders, die steeds de levendigste gedenkteeken van den moed en veerkracht der 17de eeuwsche Hollander voor ons zullen zijn, dat verflauwde stambewustzijn versterken. En op de Zuid Afrikaanders, die aan de V.U. komen studeeren – moge het er vele zijn – en op ons rust de taak te zorgen, dat de Calvinistische traditien van onze vaderen voor Zuid-Afrika niet bloten traditien zijn, naar dat ze weer in het leven gedragen worden. Bezielt door een krachtig en groot geloof."⁸⁴

In Desember 1906, "nu onze Universiteiten niet langer net op een kier maar wagenwijd voor de Afrikaners zijn opgezet", rapporteer *Fac et Spera se* Hollandse verteenwoordiger dat daar tans 26 studerende Afrikaners in Holland is – 'n ietsie meer as die vorige jaar. Hy rapporteer ook oor beskikbare studiefondse en sê dat dus gesien kan word "dat onze belangstelling in de strijd der Afrikaners tot behoud hunner taal en nationaliteit hier werkelik nog lang niet dood is".⁸⁵

Hoewel die stroompie van studente vanaf Potchefstroom na die VU maar uiters yl was, was daar geen twyfel oor die geestelike affiniteit tussen die twee inrigtings nie – 'n affiniteit gebaseer op gemeenskaplike ideale en strewes rondom godsdienst en stamverwantskap. Hierdie verbondenheid met Nederland, as stamland maar in menige oopsig ook as akademiese model en inspirasie vir die geleerde van Potchefstroom, sou steeds gekoester word – soos die "profeet van Mooirivier" en die eerste Suid-Afrikaner wat 'n doktorsgraad aan die VU sou verwerf, dit later sou verwoord:⁸⁶

'n Fyn mistieke eenheidsband

verbind Oranje, Nederland

en Afrika, deur alles heen.

Hoe ver die golwe ons al omspoel

Die diepe hart sal altyd voel –

Ons is verborge-een.

1.5.6 "Gloria Victis" en Afrikanerkarakter

Pas na afloop van die Anglo-Boereoorlog reeds het die studente van die Teologiese Skool, by monde van hul mondstuksel *Het Studentenblad* – onder redakteurskap van Dirk Postma – getoon dat hul lojaliteit aan die Afrikaner en die Afrikaanse taal nie deur die oorlog vernietig is nie. In Maart 1903 word die in-die-oorlog geplunderde standbeeld wat in 1883 te Burgersdorp



onthul is ter herdenking van gelykberegtiging van Hollands as parlementêre taal, beskryf as "nu waarlijk een monument en geen karikatuur meer ... Thans stel ik die werklikheid voor. Gelyke rechten waren daar nooit en zijn er nog niet." As voorbeeld van die negering van gelyke regte is onder meer verwys na die verwaarlozing van Hollands as eksamentaal.⁸⁷ In Augustus dieselfde jaar is begin met 'n artikelreeks oor "De Afrikaansch Taal" terwyl studente in vervolgreekse hul ervaringe as krygsgevangenes in Bermuda (Dirk Postma) en in Indië (skrywer onbekend) neergepen het. In September 1904 is die Afrikaner se behoeft aan 'n eie taal ook pertinent verwoord in 'n hoofartikel van die blad.⁸⁸

Solidariteit met die saak van die Afrikaner spreek ook duidelik uit die huldiging van die afgestorwe oud-staatspresident van die gewese Suid-Afrikaanse Republiek, Paul Kruger, op 14 Julie 1904. Sy dood was ook vir die Teologiese Skool 'n persoonlike verlies. Kruger se groot belangstelling in en daardwerklike ondersteuning van die inrigting, onder meer met 'n skenking van £750 na afloop van die Anglo-Boereoorlog, is in dankbare herinnering geroep. "Waarlijk", bevind die studenteblad, "in dezen eerwaardige grijzaard verloor Kerk en Skool een grooten ijveraar en steunpilaar, een vader in Christus." Hierdie skenking sou later in die bouprogram van die Skool aangewend word.⁸⁹

'n Somber maar tegelykertyd glorieryke moment in die lewe van dosente en studente was die onthulling, op 24 Maart 1906, van die "Gloria Victis" monument ter ere van drie studente en twee oudstudente wat in die Anglo-Boereoorlog gesneuwel het. Die monument, staan gemaak direk voor die nuutopgerigte gebou van die Teologiese Skool te Potchefstroom, is opgerig met geld wat op studente-inisiatief vir die doel ingesamel is. Die beeldhouer was die heer Geo F Kirkbridge.⁹⁰

Onverbloemde sentimente van Afrikanernasionalisme het rondom die monument opgeklink en geen twyfel gelaat oor die gees en rigting wat onder die aanwesiges vaardig was nie. Kleurryke oudstudent ds WJ de Klerk het in sy onthullingsrede die aanwesiges gewaarsku dat die teenstanders hul ondergang soek, hul nasionaliteit wil uitroeи. Beywer julle om lewend te hou die taal, godsdiens, geskiedenis en tradisies van ons vaders, is sy advies aan die skare rondom die monument.

Prof Ferdinand Postma het die byeenkoms bestempel as 'n merkwaardige dag in die geskiedenis van die Teologiese Skool. As iemand in die toekoms die nasionaliteit van die inrigting in twyfel trek, sê hy, moet hy sonder woorde na hierdie monument gebring word: "Hier is getuigenis van wat die school was, en wat zij heden ten dagen nog wil zijn en van dat, waarnaar zij in

de toekomst zal trachten te streven. Hier is getuigenis dat de Theol. School die haar ontstaan te danke heeft aan een deel der Afrik. bevolking, den bodem des Vaderlands gedrenkt heeft met het levensbloed harer eigen leerlingen."

Wee ons, vervolg Postma, as ons monumente eendag teen ons moet getuig: "Laat de verdere geschiedenis van ons volk, de geschiedenis, die wij maken, niet deze monumenten maken tot een wapen om ons te bespotten en te honen. Laat de verdere geschiedenis van onze school, de geschiedenis die door ons wordt gemaakt, een bevestiging zijn van datgene, wat hier aan allen gepredikt worden. Laat de gebouw van Afrikaansche nationaliteit verrijzen op deze grondzuilen, geplant op den bodem van ons vaderland."⁹¹

Volksdigter in wording Totius se gedig "Gloria Victis" is deur 'n vierstemmige koor op die wysie van die Nederlandse "Wilhelmus van Nassau" gesing terwyl dosent Jan Kamp, wat pas tevore tot die personeelkorps van die Teologiese Skool toegetree het, in deerniswekkende digterlike taal hulde gebring het aan die gesneuwelde:

"Rust zoet, rust zacht, rust voort, Gij helden,
Waar't Afrikaner hart u groet,
En weer herdenkt de sombre velden,
Die Gij doorwekt hebt met uw bloed!"

Die slotakkoorde is meteen ook 'n refrein van die ernstige boodskap wat Ferdinand Postma in sy huldigingsrede laat hoor het:

"En nu rust zoet, rust zacht, gj dooden,
En weest de tolken van die hoop,
Die immer hier, als blijde bo-den,
Steeds voort ijlt op den langen loop,
Om troost den armen te vertellen ...
Uw monument zij 'n talisman,*
Die vloek of zegen hem zal spellen,
Als 't volk u ooit vergeten kan."

(* "Talisman" beteken gelukbringer, paljas)

Die gees en die atmosfeer, en die sentimente wat daar rondom die eenvoudige marmermonumentjie tot uiting gekom het, was tekenend van die situasie van die



Onthulling van het Monument

Opgericht ter gedachtenis aan de gesneuvelde Studenten en Oud Studenten der Theol School der Geref Kerk Te Potchefstroom.

Zaterdag morgen den 24sten Maart vond de plechtige onthulling plaats van het monument, op de gronden van de Theol. School, recht voor het school gebouw, opgericht door de studenten met behulp van vele vrienden, die hen hierin met giften ondersteunden.

De zon scheen heflijk en verhelderde de somberheid van het oogenblik, toe een aanzienlijk schare van bezoekers zich eerbiedig schaarde rondom het met een zwart kleed bedekt monument. On ter de aanwezig n merkten we op: Prof. J. Lion Cachet, Rector der school, Prof F. Postma, Docent J. Kamp, Docent A. Kooyker, al de Studenten, Dr. J. D. du Toit, Ds. Botha, Ds. W. J. de Klerk Ds. Fick.

Een groote stilte viel op de vergadering toen de Praetor der studenten de heer J. H. Kruger voorwaarts trad en het koor verzocht te zingen Ps. 126 : 3, dat vierstemmig gezongen werd—wijze Ps. 35 :—

Die hier bedrukt mit tranen zaait,
Zal juichen als hij vruchten maait;
Die 't zaad draagt dat men zeain zal,
Gaat weenend voort en zaait het al:
Maar hij zal zonder ramp te schromen,
Eerlang met blijdschap wederkommen
En m t ejuich te goeder uur
Zijn schoven dragen in de schuur.

Daarna las de praetor voor een gedeelte uit den bijbel en wel Psalm 90.

Nadat Dr. du Toit voorgegaan had in 't gebed, kwam Ds. de Klerk voorwaarts voor de onthulling. Hier werd het zwarte kleed waarmede de steen bekleed was, afgahaald door Ds. de Klerk met de woorden: Het is mij een eer te onthullen een monument opgericht ter gedachtenis aan onze broeders:

K. D. COETSEE, C. E. LION CACHET,
(Kommandant.) (Kommandant.)

J. MARE, J A VENTER, en J. C. KRUGER.

Toen viel het koor weer in met "Gloria Victis" (woorden door Dr. du Toit), op de wijze van "Wilhelmus van Nassau" vierstemmig gezongen. Waarvan wij de woorden hier laten volgen:

GLORIA VICTIS

1. Niet konden wij, hun broedren,
Ons scharen om hun graf,
Waarin hun beendren lange
Reeds somber daalden af;
Niet konden wij hen ceren
Met klanken en in steen:
Dat vijftal, in het leven
En strijden met ons één
2. Maar langer zwijgt de boezem,
Zoo fel bewogen, niet;
Niet langer kunnen zwijgen
De toren van dit lied;
Niet houden hart en handen
De offergaven meer;
Niet langer blijft verborgen
Dit teeken van hun eer.
3. Verwonden maar met eere,
Der zwakkren eerekrans;
Verwonden, doch in 't sterven,
En uitgestreden paesch;
Verwonden, doch niet levend;
Verwonden na hun dood,
Zoo blijft dat vijftal mannen,
Ofschoon verwonden, groot





Afrikaner na die oorlog. Die aanvanklike verslaenheid en wanhoop het spoedig oorgeslaan in 'n ongekende politieke en kulturele herontwaking, veral uit verset teen die verengelingsbeleid wat lord Alfred Milner na afloop van die oorlog aan die oorwonnenes opgedring het.

Na afloop van die Anglo-Boereoorlog het nuwe politieke partye soos Het Volk in Transvaal en die Orania Unie in die Vrystaat die ontredderde Afrikaner begin mobiliseer en, gerugsteun deur die bewindsaanvaarding van 'n simpatiekgesinde Liberale regering in Brittanje, het die voormalige Boererepublieke teen 1907 'n groot mate van seggenskap in die bestuur van hul landsake herwin. Tog het daar huis in hierdie tyd geleidelik 'n kloof in leiersgeledere begin ontwikkel: aan die een kant was daar generals Louis Botha en Jan Smuts se "vergewe en vergeet"-mense, diegene wat onvoorwaardelik versoening en konsiliarie tussen Engels- en Afrikaanssprekendes voorgestaan het; aan die ander kant generaals Hertzog en diesyne wat die verkryging en handhawing van gelyke regte as voorvereiste vir samewerking nagestreef het.

Ook op kulturele gebied het daar kort na die oorlog 'n sterk ontwaking in Afrikanergeledere hom voltrek. Digters en skrywers soos CL Leipoldt, Jan FE Celliers en Potchefstroom se eie JD du Toit (Totius) word die voorste vertolkers van die herontwaking van die Afrikaner se ideale en strewes ten aansien van die bedreiging van die Engelse taal en kultuur. Oudstudent Willem Postma, nou predikant te Reddersburg in die Vrystaat, ontpop ook in hierdie tyd as politieke kommentator en voorvechter vir die behoud van Afrikaneridentiteit te midde van die bedreiging van Engelse verswelging.⁹²

Die verskuiwing van die Teologiese Skool vanaf Burgersdorp na Potchefstroom het, in die woorde van ds Petrus Postma (eerste literariese professor), ten doel gehad "om hier een krachtig bolwerk voor het bestand van taal en volk te vormen", op 'n stadium toe Transvaal grotendeels verwoes was en die onderwys onder die nuwe Britse bewind grotendeels Engels was.⁹³ Tyd sou uitwys of hierdie inrigting aan die gestelde doelwitte sou voldoen. Die stryd vir "volk en taal" sou, soos in die verlede, onlosmaaklik deel vorm van die politieke opset in die land.

In die eerste paar jaar van die vestiging van die Teologiese Skool te Potchefstroom, wat saamgeval het met die nuwe politieke oriëntasies, het die personeel en studente van die inrigting nie huis hul politieke kleur gewys nie. Hulle kulturele aktiwiteite en veral hulle houdings en sentimente oor die onderwys sou spoedig ook hul politieke affiniteit in 'n rigting stuur.

So byvoorbeeld het prof Cachet sy stem dik gemaak

teen die Transvaalse 1907 Onderwyswet van genl Smuts, as dat "die moedertaal geheel op sy gestel word of dit op sy bes sal aangeleer word as 'n onverskillige saak".⁹⁴ In 'n kitspublikasie getiteld *Niet om te twisten, maar om des gewetens wil*: eenige bezwaren tegen het Transvaalsche schoolwet-ontwerp gee hy 'n Christelik-nationale perspektief oor die kwessie wat destyds die gemoedere hoog laat loop het.⁹⁵ Geen wonder nie dat hy 'n jaar later sy volmondige steun gegee het aan die Vrystaatse Onderwyswet wat deur genl JBM Hertzog uitgevaardig is en wat op die beginsels van moedertaalonderrig en gelyke taalregte gegrondig is.⁹⁶ En toe daar besluit word om 'n waardige monument op te rig vir die vroue en kinders wat in die Britse konsentrasiekampe gesterf het, word rektor Cachet deur president MT Steyn uitgenooi om saam te beraadslaag.⁹⁷

Cachet is, as afgevaardige van die Teologiese Skool en van die Afrikaanse Taalunie (ATU), 'n gerespekteerde en leidende persoonlikheid by 'n groot taalkongres wat in Julie 1909 in Bloemfontein gehou is en waartydens die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns sy beslag gekry het. In sy rapport oor die verrigtinge deel Cachet die ATU mee "dat hy maar net in die Courant gesien het dat hy lid v/d Komitee is" wat aan die Akademie sy beslag moes gee.⁹⁸ Prof Ferdinand Postma was ook by hierdie historiese geleentheid teenwoordig, namens die Afrikaanse Taalvereniging van Potchefstroom.⁹⁹

Cachet was verniet so beskeie oor sy eie rol. In die annale van hierdie prestige-organisasie word dit as "onverklaarbaar" bestempel dat Cachet se uitgesproke pro-Afrikaanse houding tydens die kongres, soos vergestalt in 'n voorstel dat die te-stigte organisasie bekend sou staan as "Zuid-Afrikaanse Vereniging tot bevordering van de Hollandse en Afrikaanse Taal- en Letterkunde", verwerp is ten gunste van 'n kompromisbetiteling "Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst". Cachet het by hierdie geleentheid "profeties" verklaar dat hy persoonlik nooit 'n geheim gemaak het van sy geloof in die toekoms van Afrikaans nie; sodra die Afrikaanse volk beslis verklaar dat Afrikaans 'n taal en "geen barbaars patois" meer is nie, 'n taal wat nie alleen gepraat nie maar ook geskryf wil word, van daardie oomblik af sal Nederlands bloot die plek van 'n "gelyfde en ge-eerde moeder" inneem.¹⁰⁰

Ook die Potchefstroomse studente het ernstig oor die taalkwessie nagedink, veral na aanleiding van die veelgeroemde opwekkingsvraag "Is 't ons Ernst?" wat Afrikanerbond leier Jan H Hofmeyr vroeg in 1905 voor studente van Stellenbosch gestel het. In hul studenteblad *Fac et Spera* kry die Potchefstroomse studenteblad hul Stellenbosse medestudente voor stok oor luide aansprake dat hul harte Afrikaans is terwyl



1.5 Vestiging te Potchefstroom (1905-1910)

hulle tydskrif feitlik totaal Engels is en Afrikaans byna heeltemal ignoreer.¹⁰¹

Dat hierdie kritiek op die Stellenbossers nie heeltemal ongegrond was nie, blyk uit die waarneming van die baie bekende teoloog/politikus dr NJ van der Merwe, toe hy hom in 1910 aan die Victoria Kollege ingeskryf het: "Die studente was nasionaalgesind, maar van 'n strewe na 'n eie Afrikaanse kultuur en die handhawing van die moedertaal kon omtrent niets bemerk word nie." Dr Tobie Muller het wel vanaf 1907 'n poging aangewend "om Afrikaans ook by die poorte van Stellenbosch te laat ingaan" en die Afrikaanse Taalvereniging gestig, maar einde 1909 is hy oorse vir verdere studie, wat Afrikaans aldaar sonder 'n kampvegter gelaat het.¹⁰²

Die Afrikaanse skrywer-joernalis Gustav Preller se pleidoorie vir Afrikaans in *Het Volksstem* het groot indruk gemaak en herinneringe opgeroep van die taalstryd op Burgersdorp, tot nuwe inspirasie en dade gelei. Wat die Potchefstroomse studente betref, het die vuurtjie steeds gesmeul en "net op een aanroering gewag om te ontbrand" – en daardie "aanroering" is verskaf deur Preller se optrede. Op 19 Junie 1905 is die Studente Afrikaanse Taal Unie (SATU), wat kort hierna as Afrikaanse Taal Unie (ATU) bekend sou staan, gestig en is Preller en sy koerant *De Volkstem* verwittig "dat ons als één lichaam mee wil werk in die edele richting, namelik om 'n begin te maak om 'die taal, wat ons Nasie 'n aparte Nasie maak' te schrywe en op te bouw, zoodat dit na verloop van tijd die Hollands kan vervang." Ook sou alle korrespondensie in Afrikaans gevoer word.¹⁰³

Preller was diep dankbaar, daar dit "een van die eerste blyke is wat ik krij, dat mij nederige verdediging van onze Moedertaal die goedkeuring wegdra van mij mede-Afrikaners, en dat ik huis daarom daar meer prijs op stel as wat die beste rekommedasie mij zal wêrd wees". Al die name van die 21 studente wat die brief aan Preller gerig het, is ingeskryf op die lys van vriende wat met die taalbeweging gesimpatiseer het.¹⁰⁴

Die verskyning van Preller se biografie oor Voortrekkerleier Piet Retief is ook toegejuig, vanweë die inhoudelike maar ook vanuit 'n taaloogpunt, as poging om die Afrikaanse letterkunde te bevorder. Daarmee is hopelik die voet op die weg gesit om die Afrikaanse letterkunde te laat bloei en Afrikaans as skryftaal te veredel, "want wij kunnen niet schrijven zoals we spreken".¹⁰⁵

Op die eerste vergadering van SATU(ATU) in 1905 is aandag gegee aan Afrikaanse opstelle, gedigte en analogiese afleidings. Die voordrage was goed, daar was "warめ discussions" en groot entoesiasme: "Laat ons zoo voortgaan tot ons die Afrikaanse taal tot 'n

1.5.15

Brief van Gustav Preller aan studente.

Waarde heer en Vriend,

Hartelijk dank ver uw brief van gister, waarin U aan mij o'er breng die inhoud van 'n besluit geneem deur die lede van jou vereniging inzake 'n voorstel van mij om nou tog 'n plan te maak om ons ou taal te handhaaf. Wees asseblief so goed om mij oopregte dank voor die besluit aan te neem, en doet mij die eer om mij erkentelikheid daarvoor te betuig aan die here: J. H. Kruger, (Praetor), H. du Plessis, T. N. Venter, N. H. v. d. Walt, J. P. v. d. Walt, Johannes v. d. Walt, A. Coetzee, P. Bingle, I. D. Kruger, B. J. M. Kruger, Joh. Kruger, Hendr. Kruger, Jacob v. d. Walt, R. Postma, J. Boneschans, P. Smit, Th. Eloff, J. Kruger, V. Spiller, H. J. van Jaarsveldt en F. Cachet.

Sê aan hulle dat die besluit een van die eerste blyke is wat ik krij, dat mij nederige verdediging van onze Moedertaal die goedkeuring wegdra van mij mede-Afrikaners, en dat ik huis daarom daar meer prijs op stel as wat die beste rekommedasie mij zal wêrd wees. Ik ontvang sedert verleden Maandag van alle kante brieven van instemming (een daarvan het ons in vandaag se "Volkstem" gedruk), en my swakke poging word ook op prijs gestel deur manne wat waarlik in staat zal wees om ons te help. Vollende Maandag zal die stuk besproke word deur die Voorz. van die Nederlandse Vereniging alhier, en ons is van plan om kort daarna dit in 'n boekie uit te ge. Dit zal mij 'n voorreg wees om aan ieder lid van uw vereniging 'n afdruk daarvan te stuur.

Al die name is behoorlik ingeschrywe op die lys van vrende wat met die taal-beweging sympathiseer, en hulle zal behoorlik kennis kry van enige verdere stappe wat daar geneem word. Ik hoop, as die tyd rijk is ver 'n bijeenkomste, dat ons ten minste 'n hele paar, zo nie almal van onze Potchefstroomse taal-broers hier zal hê, en dat hulle intussen zal doen wat in ieder se vermo'e is om die zaak vooruit te help.

Ver juile informasie wou ik verder gezê het, dat ik maar die onwêrdige middel was om die gras aan brand te steek; die beweging is in die gedagte gevrees van banje vrende, hier zowel as in die Vrystaat en Natal, en die beweging het al dadelik die steun van vyf of zes koerante waaronder "De Vriend" en die "Afrikaner" (Martizburg), behalve natuurlik die ou "Volkstem". Ons kan dus reken dat die goeie zaak met woord en daad oudersteun zal worde van alle kante. Dit is nou ongetwijfeld die welaangename tyd en as ons dit almal met krag aanpak, kan ons hoop om nie alleen ons taal onder mekaar te handhaaf nie, maar ons kan hoop om dit eendag te zien worde die taal van heel Z.Afrika, —en daarom: delf ons!

Nogmaals my beste dank aan al die lede van julle vereniging ver die bemoedigende woede.

Met die beste groete,
jou vrydienaar,
GUSTAV S. PRELLER.

schryftaal veredel het, zoodat die Afrikaanse boer, wat selfs in die afgesluite plek woon, hom ok deur zijn pen kan laat hoor."¹⁰⁶

Ook die meer gesofistikeerde literariese klub met die Griekse naam "Mnemosyne", waaraan die



dosente en die teologiese studente behoort het, het by geleentheid die fokus laat val op die Afrikaanse taalbeweging. Daadwerklike voorstelle betreffende Afrikaanse spelling en sintaksis is ook gedoen.¹⁰⁷

Maar net om te sorg vir balans, en dat nie oorboord gegaan word met taalywer nie, tree skuilnaam-skrywer "F" (waarskynlik Ferdinand Postma) in die bresse vir die aanbieding van Engels en Duits as taalvakke, in 'n artikelreeks waarin die onderwysbeleid van die Teologiese Skool uiteengesit word. Engels is nodig, sê hy, omdat die hele staats- en maatskaplike lewe Engels is en omdat 'n wetenskaplike graad nie sonder bekendheid met Engels verwerf kan word nie. Wat Duits betref, het dit ook, soos Engels en Nederlands, 'n ryk en skoon literatuur.

Hy vind dit jammer dat dit nodig was om die taalbeleid te verdedig, sê "F": "Het overdreve practicisme in Afrika is de kanker, die alle idealisme in den wortel doet versterven ... Onthoud ons dien heerlijken teug van het idealisme niet! Geef ons een oog en een hart voor de poezie des levens!"¹⁰⁸

Die studenteblad *Fac et Spera*, wat vanaf 1905 die plek van *Het Studentenblad* ingeneem het, sowel as sy opvolger in 1910, *De Jonge Calvinist*, het deurlopend die klem laat val op die behoud van Afrikaneridentiteit en die in-ere-hou van monumente en gedenkdae. Hierin is hulle heelhartig ondersteun deur die plaaslike koerant *Het Westen*, waar dosent Jan Kamp se vaardige joernalistieke pen ywerig ter bevordering van die Afrikanerideale voortgebras het.¹⁰⁹

Die eerbiedwaardige prof Jan Lion Cachet was al in die sewentigs en hoewel sy kragte aan 't afneem was, het hy hom steeds met hart en siel gewy aan sy roeping. Tydens die halfeeu fees van die Gereformeerde Kerk te Rustenburg in Februarie 1909 ontvang hy die "Officierskruis in de Orde van Oranje-Nassau", deur koningin Wilhelmina van Nederland toegeken as bewys dat hy hom teenoor die koningin of teenoor die staat of teenoor die maatskappy besonder verdienstelik gemaak het. Die persoonlike verering reflektereer ook op die Teologiese Skool sowel as op die Afrikanervolk, want by ontvangs van die geëerde toekenning bely Cachet, "ik ben Afrikaner geworden".¹¹⁰

1.5.7 Christelik-nasionale onderwys

Waar personeel se betrokkenheid by en deelname aan politiek-staatkundige aksies in die eerste dekade van die eeu nie juis 'n hoe profiel aangeneem het nie, sou die geleerdes van Potchefstroom veel groter insette lewer op die terrein van die onderwys. Hierdie insette

het gewortel uit en was gefokus op die uitlewing van die karakter wat die inrigting vanaf sy stigting en dwarsdeur sy ontwikkelingsgeskiedenis in ere gehou het.

Die Christelike en nasionale onderwysbeginsels wat in die Boererepublieke vaardig was, en wat sterk beïnvloed is deur die onderwysbeleid van dr Mansvelt as superintendent-generaal van onderwys en deur die talle Nederlandse onderwysers wat hulle na Suid-Afrika gewend het,¹¹¹ is na die Anglo-Boereoorlog onder leiding van Milner vervang deur 'n aggressiewe verengelingsbeleid. Uit reaksie hierteen en met stewige insette vanuit die geledere van die Nederlandse onderwyserskorps in Suid-Afrika het die CNO-beweging, gedefinieer as "onderwys ooreenkomsdig die Heilige Skrif en die Belydenisskrifte van die Hollandse Kerke en godsdienst, taal en tradisies van ons volk",¹¹² herleef. Schutte verwys na hierdie skole as "vrije, bijzondere scholen, gesticht uit protest tegen het Engelse officiële onderwijs en met het doel de Afrikanerjeugd in eigen taal en eigen cultuur op te voeden". Die Nederlands Zuid-Afrikaansche Vereniging, wat as oogmerk gehad het die versterking van die Nederlandse element in Suid-Afrika, het teen 1907 reeds meer as 'n halfmiljoen gulde ter ondersteuning van hierdie beweging gespandeer.¹¹³

In Burgersdorp is met vreugde verwys na die opening van 'n "vrije Gymnasium", van Hollandse (Afrikaanse) karakter, in Pretoria. Van alle kante is nuus verneem van verdere skole wat oral in die land ontstaan het – genl Louis Botha sou selfs die getal 144 genoem het.¹¹⁴ Tydens 'n onderwyskongres te Pretoria, in Maart 1905, is 'n ietwat getemperde weergawe van Milner se onderwyswet as onaanneemlik bestempel. Terselfdertyd is as uitgangspunt aanvaar "dat de ouders verantwoordelik zijn voor de opvoeding en het onderwijs hunner kinderen en dat die Regering niets anders kan en mag doen dan finansieel ondersteunen waartoe zij ook verplicht is, daar geen landsgelden mogen worden aangewend ter bevordering van een enkele klasse der bevolking".¹¹⁵

Die Teologiese Skool word "die leier in feitlik alle C.N.O.-aksies van Gereformeerde kant",¹¹⁶ met professore en dosente op die voorpunte van die veldtog. Vanuit sy selfopgelegde ballingskap in Europa betuig die bejaarde gewese Staatspresident van die ZAR, Paul Kruger, kort voor sy dood sy vreugde teenoor sy eertydse predikant, ds Petrus Postma, oor "ons mense" se rol in die daarstelling van CNO-skole.¹¹⁷ Die toestroming van gereformeerde onderwysers vanuit Nederland, wat in die stryd om CNO ná die Anglo-Boereoorlog op die voorpunte sou beweeg, het onder meer vanuit die Verenigde of NG Kerk van Transvaal die beskuldiging ontlok dat nie net gepoog word om Transvaal te verhollands nie, maar om



dit, volgens Schutte, "ook Gereformeerde, Doppers te maken".¹¹⁸ Kerklike persepsies sou 'n groot rol speel in die toekomstige ontwikkeling van die Teologiese Skool met die ontluikende universiteit in sy boesem.

Dit was veral die pas-aangestelde nuwe dosent Jan Kamp, wat baie prominent was in hierdie stryd om CNO te vestig. Vanaf April tot Desember 1905 skryf hy 'n reeks artikels in *Het Kerkblad* onder die opskrif "Onze strijd om de school" en nog in dieselfde jaar verskyn daar uit sy pen die brosjure *De Vrije School met Goevernementssubsidie voor heel Zuid-Afrika; het enig redmiddel.*¹¹⁹

Na die verkryging van selfbestuur deur die twee voormalige republieke het die aanvaarding van onderskeidelik die Smuts- en Hertzog-onderwyswet in Transval (1907) en die Vrystaat (1908) die CNO-skole spoedig tot niet laat gaan en sou daar voortaan geywer word vir staatsteun aan vrye Christelike skole.¹²⁰

In 'n brosjure getiteeld *Niet om te twisten maar om des gewetenswil ...*, het prof Jan Lion Cachet beswaar gemaak teen die voorgenome Smuts-onderwyswet, onder ander oor die miskenning van die Hollandse taal en die ouerreg by benoeming van onderwysers, asook teen nie-dogmatiese godsdiensonderrig.¹²¹

In Steynsburg het voormalige literariese professor, ds Ph C Snijman, in 1905 'n Vrye Christelike Skool op gang gekry, terwyl die Voorbereidende Skool, wat in 1907 te Potchefstroom tot stand gekom het, weer die breinkind was van professore Kamp, Duvenage, Lion Cachet en Postma, saam met die plaaslike predikant, dr JD du Toit.¹²² Hierdie skool, wat later in die Potchefstroom Gimnasium sou ontwikkel, het die Teologiese Skool met sy Literariese Departement gestroop van onnodige bagasie op die weg na groter erkenning en meerdere status as inrigting vir hoër onderwys.

1.5.8 Uniewording 1910 ... en geværligte

Die jaar 1910 is in die Suid-Afrikaanse annale omkring omdat, skaars agt jaar na die uitmergelende en verdelende wapenstryd tussen Boer en Brit, verteenwoordigers van die twee blanke bevolkingsgroepe in drie sittings van 'n Nasionale Konvensie besluit het om die strydbyle te begrawe en hul heil voortaan in 'n eenheidstaat te soek. Nie net uniewording nie, maar ook verskeie ander verwikkelinge het van 1910 'n betekenisvolle jaar in die annale van die Teologiese Skool/Literariese Departement gemaak.

Ten spyte van hoë ideale en sentimentele toejuiging van die nuutverworwe eenheid, was daar onder die oppervlak egter steeds smeulende verskille, veral rondom taal- en kultuurregte, en dit het gepaard

gegaan met Afrikanervrees vir verswelging deur die meerderwaardige Engelse taal en kultuur. Die konsiliaasiepolitiek van Afrikanerleiers soos genls. Louis Botha en JC Smuts, wat ook in die volksmond bekend geword het onder die slagspreuk "vergewe en vergeet", het nie huis aanklank by die Potchefstroomse dosente en studente gevind nie. Nee, hulle het hulle meer tuis gevoel by 'n man soos genl JBM Hertzog, met sy slagspreuk van gelyke regte en sy tweestroombeleid, wat huis daarop gemik was om verswelging van die Afrikaner te voorkom.¹²³

Die Teologiese Skool het gevolglik nie deelgeneem aan die luisterryke feesviering waarmee die nuwe bedeling op Uniedag, 31 Mei 1910, in Potchefstroom verwelkom is nie. Die verrigtinge is met banieropskrifte uitgebasuin: militaire parades, sportbyeenkomste, vreugdevure, 'n kinderdag – en in die stadsaal, 'n gesamentlike diens onder die banier "For God and King, For Land and Empire". En die skare teenwoordig: "A sea of faces, English and Dutch, Anglican and Non-conformist, Jew and Gentile, rich and poor, gathered together in one solid body, desirous of joining in the town's tribute of thanks for the Consummation of an epoch-making event."¹²⁴

Maar onder al dié meniges was daar niemand van die Teologiese Skool nie – nie dosente nie, nie studente nie. "Die Skool kon nie saam feesvier nie, maar was soos een wat in stilte gerou het", het 'n tydgenoot (ds JV Coetzee) die situasie opgesom.¹²⁵

Ook Totius, wat op hierdie stadium as adviseur en lid van kommissies reeds 'n groot rol in die vestiging en uitbouing van die Teologiese Skool gespeel het, en wat deur sy gedigte en geskrifte ongetwyfeld een van die vernaamste vertolkers van die visie en missie van die inrigting was, het saam met manne soos Cachet en JH Hofmeyr konfederasie bo unifikasie verkie. Sy vertwyfeling oor die nuwe bedeling en die hooggeroemde eenheid, waarbinne die Afrikaner sy identiteit kon verloor, beskou hy as vervalsing van die tradisionele Voortrekkerpolitiek en hy vergestalt sy houding daarteenoor in gedigte soos "Geen Vaderland" en 'n satiriiese "Unie-lied". En sy afkerigheid van die konsiliaasiepolitiek, van die "vergewe en vergeet"-slagspreuk wat so sterk gepropageer is, het hy in 'n gedig met titel "Vergewe en vergeet" verwoord.¹²⁶

Alles was rustig en die Teologiese Skool met sy Literariese Departement was net besig om sy voete te vind, toe ds Petrus Postma, predikant van Heidelberg en vroeër van Pretoria, sy medekuratore in Augustus 1910 verras met 'n aanbod van Pretorianer FC (Frikkie) Eloff, die gesiene skoonseun van wyle president Kruger: 'n waardevolle stuk grond, indien die Teologiese Skool na die hoofstad verplaas word. Daarmee saam word genotuleer "een gedachte dat 't Transvaalse



1.5.16

Foto's bo en onder: Aan dié feesvieringe te Potchefstroom, op Uniedag 1910, het die mense van die Teologiese Skool geen erg gehad nie.





VERGEWE EN VERGEET

'n Doringboompie, teer van bas,
besijde van die grootpad was....
'n Ossewa daarlanges kom
en trap die doringboompie om....
„Jij het mij ander dag gekrap,
nou het myn wiel jou plat getrap.”

Die wa raas vér, die heuwels op,
en stadic rijs die doringtop—
gebreek, geskend, getrap, generf,
en in sijn stam 'n diepe kerf.
Na eenkant blij die boompie hang
in treurigheid nog dage lang...

Die grootpad is toen weer verleg,
en stadic kom die boompie reg,
als nuwe bas met gom gesmeer
genees die skaafplek spoedig weer;
alleen 'n merk blij immer daar,
al groter wordend, jaar tot jaar..

Die jare kom, die jare gaan,
gebult blij nog die boompie staan..

1.5.17

Totius se "Vergewe en vergeet" (1910-weergawe) verskil ietwat van die later gepubliseerde bekende weergawe, wat in 1917 in die vyfde druk van die bundel "By die Monument" vir die eerste keer gepubliseer is.

Gouvernement de tegenwoordige gebouwen te Potchefstroom kunnen nodig hebben". Dr SO Los en ds P Postma is as kommissie aangewys om die saak te ondersoek.¹²⁷

Die studente het die nuus uit 'n betroubare bron verneem en daar was 'n "korte opwekking" onder hulle, met "vele ideale luchtkastelen reeds in die lucht getoverd". Die studenteblad *Fac et Spera* het nogal gunstig gereageer op hierdie moontlikheid en besliste voordele raakgesien: "Dat onze school meer zal bloei en meer kracht zal er van haar uitgaan; die studenten zullen meer in aanraking komen met die hoofdstromingen van 't leven; zij zullen lezingen van allerlei aard kunnen bijwonen; Zij zullen mensenkennis opdoen, door in aanraking te komen met allerlei mensen."

Die drang om nader aan die hoofstroom van die lewe

en veral die akademiese lewe te beweeg, moes egter getemper word deur die praktiese aspek, naamlik dat Pretoria te duur was. Aan die heer Eloff is in elk geval groot dank betuig vir lofwaardige aanbod.¹²⁸

Tydens die Desember vergadering van die kuratore is die saak bespreek en toe aangekondig "dat zij na ernstige overweeging om vele gewichtige redenen geen heil zien in die verplaatsing der Th. School". In die konsepbriefe aan die betrokkenes is die deur tog effens oopgelaat deur te sê dat dit eintlik 'n saak vir die sinode was.¹²⁹ Dit het egter nie tydens die volgende sinode, in 1913, gedien nie.

Eloff se aanbod, waarvan ongelukkig geen verdere besonderhede bekend is nie, kom in elk geval ietwat vreemd voor, gesien die feit dat 'n selfstandige Transvaalse Universiteitskollege pas vroeër in 1910 by wyse van wetgewing sy beslag in Pretoria gekry het.¹³⁰ Dit sou egter nie die laaste poging wees om die Potchefstroomse instelling vir die Transvaalse hoofstad



1.5.18

Frikkie Eloff, skoonseun van president Paul Kruger, maak 'n aanbod van waardevolle stuk grond, indien na Pretoria verskuif word.



te kaap nie.


In verskeie ander opsigte sou 1910 vir die Teologiese Skool 'n jaar van betekenis wees.

Vanwaar en hoekom, kon nie vasgestel word nie, maar sommer met die intrapslag van die akademiese jaar besluit Korps Veritas Vincet om gehoor te gee aan 'n versoek van die professore dat almal togas aanskaf en dit klasse toe dra. Aan diegene wat dit nie dadelik kon bekostig nie, is geld vir die doel voorgeskiet. Nêrens is aanduidings gevind dat daar enige besware was nie en skyn dit selfs asof die studente hulle dié akademiese waardigheidsvertoon laat geval het. En daar moes oopsluit 'n foto van die waardige gedoente geneem word, welke foto in die studentekoerant se uitgawe van 15 November dié jaar verskyn het.¹³¹

Die lang en luisterryke loopbaan van rektor Jan Lion Cachet het ten einde geloop. Hoë ouderdom en afnemende kragte het sy tol begin eis – al wou Cachet dit self nie erken nie. Van kuratorekant is voorbereidings getref en die nodige aanbevelings aan die sinode van 1910 gedoen om, vanweë sy afnemende

kragte, aan Cachet hulp te verleen “op dat de belangen van de School er niet onder lijden, en toch ook weer zijn gewaardeerde diensten, zolang het de Heere behaagd hem ons te sparen, voor ons behouden blijven”. Die persoon wat benoem staan te word, sou dan geag word as die wettige opvolger van die teologiese professor “zo wanneer deze kwam uit te treden of weg te vallen”. 'n Kommissie is benoem om die saak met die kuratore verder te voer.¹³²

Dit was 'n ietwat netelige saak en moes met groot omsigtigheid hanteer word, om nie blatant aanstoot te gee nie. Die bejaarde en liggaamlik verswakte Cachet het egter besef dat die sand in sy uurglas aan 't uitloop was. Op 14 Maart, vier dae nadat die kuratorevoorstel ter tafel geneem is, het hy die kuratorium per brief gevra vir uittrede, met ingang Mei 1911. Die kommissie het die volgende dag hieroor gerapporteer en die saak van assistensie is verder in die hande van die kuratore gelaat. 'n Lojale poging van ds WJ de Klerk om Cachet tot sy dood toe in sy pos te behou en slegs die nodige assistensie te verskaf, het nie geslaag nie en die aangevraagde ontslag is toegestaan.¹³³



1.5.19

Erelede en lede van Korps, 1910. Voor: JJA Coetzee, (onderwyser, Voorbereidende Skool), proff F Postma, J Lion Cachet (rektor), APC Duvenage en J Kamp. Middel: JC Coetzee, W du Toit, FN Lion Cachet, JC vd Walt, DN Kotzé en JH Boneschans Agter: JC van Rooy, JV Coetzee, BJ de Klerk, MJL Pretorius en HC van Rooy.



1.5 Vestiging te Potchefstroom (1905-1910)

Tydens 'n kieskollegevergadering van die kuratorium vroeg in Augustus is ds JD du Toit, die Potchefstroomse voorvegter vir die Teologiese Skool en boesemvriend van prof Ferdinand Postma, as Cachet se opvolger in die teologiese stoel aangewys. Die ander twee benoemdes was ds Ph C Snijman, vroeëre literariese professor aan die Teologiese Skool, en dr J Ridderbos van Bussum, Nederland, wat in 1912 as professor aan die Teologiese Skool te Kampen aangewys sou word.¹³⁴

Rektor Cachet se laaste verslag aan die kuratore het die "verblydende" inligting bevat dat die studentetal op 22 staan. Maar hy het ook die aandag gevestig op "het gevaar dat die nieuwe Universiteit die school misschien kan aanbrengen".¹³⁵

Hierdie waarskuwing van Cachet het verband gehou met 'n sterk gevoel vir die hervorming en stroombelyning van die uiters gebrekkige universiteitsstelsel in die land en het hand-in-hand geloop met die politieke strewe na staatkundige eenheid wat in 1910 op die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika uitgeoloop het. Stemme het veral opgegaan vir 'n nasionale doserende universiteit en daar sou spoedig 'n toutrekkyk ontstaan oor aansienlike skenkings wat deur groot weldoeners vir die doel geoormerk is. Nog in 1910 het die nuwe minister van Onderwys, FS Malan, die vergesig opgetower van so 'n nasionale doserende universiteit op die beroemde landgoed Groote Schuur. Binne die tersiêre onderwysgemeenskap sou voortaan druk bespiegel word oor wat algemeen bekend gestaan het as "die universiteitskwessie" en sou die verskillende inrigtings wat met hoër onderwys gemoeid was, hulself geleidelik posisioneer.

Cachet se kommer oor die verwikkelinge rondom die beoogde nuwe universiteit is nie net genotuleer nie, maar 'n kommissie in die persone van di. Petrus Postma en Ph C Snijman is benoem om die minister van Onderwys oor die aangeleentheid te ontmoet.¹³⁶

Die uitbreiding en ontwikkeling van die Teologiese Skool met sy steeds groeiende Literariese Departement sou in die komende jare ten nouste in verband staan met en beïnvloed word deur hierdie breëre universiteitskwessie.



1.5.20

Prof J Ridderbos.